

'n Teksevalueringskema vir VIGS-tekste

C. Rodenburg & L.G. de Stadler

Eenheid vir Dokumentontwerp, Taalsentrum, Universiteit Stellenbosch

Abstract

In this contribution we report on the development of a text-focused evaluation schema for AIDS information documents. This kind of schema provides a “checklist” approach to the assessment of text quality. To begin with, we first reflect on the necessity of this kind of evaluation instrument, after which we present an overview of the essence of the particular instrument. This is followed by a description of the instrument itself, with a discussion of and motivation for the different subsections. Finally, we present a few comments on the first, and indeed very provisional evaluation phase of the schema.

Samevatting

In hierdie bydrae word verslag gedoen van die ontwikkeling van 'n teksgerigte evalueringskema vir VIGS-inligtingstekste. Hierdie tipe skema volg 'n sogenaamde “checklist”-benadering tot die beoordeling van tekskwaliteit. In die artikel word eers gewys op die noodsaak van hierdie tipe evalueringsinstrument en dan word 'n kort oorsig gegee van die aard van die instrument. Die evalueringskema word vervolgens aangebied met 'n bespreking en motivering van die verskillende onderdele. Ten slotte word enkele opmerkings gemaak oor die eerste, en inderdaad baie voorlopige evaluering van die skema.

1. Inleiding

'n Aantal universiteite in Nederland en Suid-Afrika neem deel aan 'n projek oor die effektiwiteit van VIGS-inligtingstekste in Suid-Afrika, getiteld *Improving the Effectiveness of Public Information Documents on HIV/AIDS in South Africa*.¹ Die groter projek word verdeel in vyf deelprojekte. Hierdie artikel² rapporteer oor navorsing wat in deelprojek 5 van die projek gedoen word. Die deelprojek word soos volg beskryf in die amptelike beskrywing van die groter projek:

¹ Meer inligting oor hierdie projek is te vinde by <http://www.epidasa.org/>.

² Ons bedank graag kollega Carel Jansen vir sy deurlopende kommentaar op die ontwikkeling van hierdie projek en die twee anonieme keurders vir hulle uiters sinvolle kommentaar op die artikel. Vanselfsprekend bly die oorblywende swakhede steeds ons verantwoordelikheid.

General Background

In the field of Document Design Studies, three types of evaluation techniques are distinguished: expert-focused, reader-focused, and text-focused techniques (cf. Schriver 1989). The advantages and disadvantages of using various techniques in a culturally homogeneous situation are fairly well documented (cf. De Jong & Schellens 1998; Lentz & De Jong 1997). Hardly any attention, however, has been spent so far on the costs and benefits of implementing the available evaluation techniques in situations where the demographic and cultural background of both evaluators and target groups vary as largely as they do in South Africa.

When it comes to reader-focused evaluation, it is conceivable that for some target groups the plus-minus method would be quite successful in revealing the strengths and weaknesses of the text, while for other target groups the think-aloud method or focus groups are more appropriate (cf. Jansen & Steehouder 1989), to mention only two techniques.

When it comes to text-focused or expert-focused evaluation, it is likely that the various backgrounds of evaluators and content experts in South Africa have an influence on the outcomes of using evaluation instruments. Moreover, the existing instruments for analysing and evaluating persuasive and instructive messages (cf. Hoeken 1998; Steehouder & Jansen 1997) need to be adapted to the specific content of HIV/AIDS-messages and the specific attitudes, knowledge and insights of the various target groups in South Africa.

Research questions

- What are the characteristics of a text-focused evaluation instrument that can effectively and efficiently reveal the strengths and weaknesses in (drafts of) HIV/AIDS prevention documents in South Africa?
- How does the background of a text evaluator or a content expert influence the outcomes of applying such an instrument for the analysis of these documents?
- What are the benefits of using and combining various evaluation techniques for documents aimed at culturally and demographically diverse target groups?

Theoretical embedding

In Document Design research (see, for instance, De Jong & Schellens 2000) two types of testing are distinguished: summative testing which is aimed at assessing a final document by measuring its effects, and formative testing, where the goal is to improve on the design of a text draft document to fit the characteristics of its target group by locating possible reader problems in the text and by revising it to overcome these problems. In this project the focus will be on both types of testing.

Much attention will be paid to the development of an adequate text-focused evaluation instrument. Apart from more or less 'traditional' text characteristics like structure (organization; lay-out) and style (tone; information density) (cf. Steehouder et al. 1999, Renkema 1996, Pander Maat 1991), this instrument should make clear which types of argumentation or other persuasion techniques should be used (cf. Hoeken, 1998), which reader and writer personas should be created (cf. Steehouder 2000a, 2000b) and how culturally specific beliefs and values should be taken into account (cf. Van Dyk 2001a, 2001b). To be able to do so, the underlying theoretical concepts (argumentation, persuasion techniques, reader and writer persona, beliefs and values) will be explored and made

operational for application in the practice of text evaluation. In this regard the research will be strongly embedded in the theory of Functional Text Analysis.

Research methodology

The evaluation instrument will be developed in a continuous interplay between the design of new, readjusted versions of this instrument and the experiences in applying it to actual HIV/AIDS public information documents. The outcomes of texts analyses, performed both by professional document designers and by content experts coming from different backgrounds, will be mutually compared. They will also be compared with the results of applying various reader-focused methods (cf. De Jong & Schellens 1995; Renkema & Wijnstekers 1997). The emphasis in these comparisons will be on the severity of the problems that are identified and on the quality and the feasibility of the solutions that are suggested. For a number of documents the effects of taking these measures will be tested independently. Special attention will be paid to the fine-tuning of digital public information documents on HIV/AIDS (for example websites); existing methods for pretesting this kind of document (cf. Sienot 1997) will be explored and adapted to the specific context of culturally sensitive health messages.

In hierdie artikel word 'n eerste verslag gelewer oor die ontwikkeling van die teksgerigte evalueringsinstrument waarna in bg. beskrywing verwys is. Die doel met hierdie eerste verslag is om die instrument bekend te stel ter wille van die akademiese diskoers wat oor hierdie tipe evalueringsmetode gevoer moet word. Ons beklemtoon egter graag dat dit 'n eerste verslag is wat opgevolg sal word deur verdere verslae, veral oor die toetsing en verdere verfyning van die instrument.

2. 'n Model van evalueringstipes

In navolging van Schriver (1989) kan daar onderskei word tussen drie soorte teksevaluering:

- **Teksgerigte evaluering.** Die evalueerder ondersoek die teks op basis van 'n aantal voorafbepaalde tekstenmerke wat problematies mag wees. Hierdie tipe metode rus swaar op 'n gevestigde kennisbasis van tekstenmerke en die wyse waarop lesers waarskynlik sal reageer op hierdie kenmerke. Die oordele van die evalueerder is dikwels gebaseer op ervaring of op vorige navorsing wat bepaalde oordele help vestig het.
- **Ekspertgerigte evaluering.** Daar word gebruik gemaak van vakkundiges (rakende die tema van die teks) of van teksdeskundiges (byvoorbeeld professionele skrywers, teksontwerpers). Hulle word dan gevra om 'n oordeel te vel oor die kwaliteit van die teks.
- **Lesergerigte evaluering.** Met hierdie metodes word die oordele van lesers ingewin deur gebruik te maak van lesergerigte toetsingsmetodes soos die plus-min-metode, vraelysondersoeke en fokusgroeponderoekte.

Binne deelprojek 5 van die VIGS-projek sal verskillende metodes ingespan word om die effektiwiteit van VIGS-tekste te toets. In die eerste fase van die projek het die klem geval op teksgerigte metodes van kwaliteitstoetsing, en word daar aanvanklik sterk gekonsentreer op die ontwikkeling van 'n uitgebreide evalueringsskema vir VIGS-tekste. In hierdie artikel word die skema vir die eerste keer gepubliseer en word daar rekenskap gegee van die eerste voorlopige toetsingsfase daarvan.

3. Die Evalueringsskema as instrument vir kwaliteitstoetsing

3.1 'n "Checklist"-benadering

Die evalueringsskema wat hier aangebied word, is 'n evalueringmetode wat ten beste beskryf kan word as 'n sogenaamde "checklist"-benadering tot teksevaluering. In so 'n skema word 'n aantal teksaspekte geïdentifiseer waarop die aandag van die evalueerder gevestig word. Die metode het dus in wese 'n gestruktureerde analise tot gevolg na die mate waarin daar 'n vaste skema is wat die evalueerder (in minstens sommige gevalle) herhaaldelik kan toepas op verskillende tekste. Die skema kan gebaseer wees op enige kombinasie van

- die funksionele analise van 'n aantal tekste (byvoorbeeld van die besondere tipe waarop die skema van toepassing is)
- resultate van 'n teikengroeponderzoek (die eise wat die teikengroep aan die teks sou stel)
- 'n literatuurondersoek van navorsing oor tekskenmerke en veral van tekskwaliteitsondersoek, veral as dit verband hou met die besondere tekstipe waarvoor die evalueringsskema ontwerp moet word
- resultate van lesergerigte ondersoek na bestaande tekste binne die betrokke tekstipe
- intuïesies van die evalueerder-ondersoeker oor wat 'n effektiewe teks sou wees, d.w.s. wat die gepaste of selfs korrekte teksontwerpkenmerke van die teks moet wees
- algemeen-aanvaarde taaladvise
- huisreëls wat geld vir die betrokke teks
- randvoorwaardes (byvoorbeeld juridiese voorwaardes) wat geld vir die teks

In hierdie geval het die klem geval op veral twee voorbereidende aktiwiteite:

- Eers is daar 'n wydlopige literatuurondersoek gedoen wat veral drie onderwerpe aangesny het: die aard en omvang van die MIV/VIGS-probleem in Suid-Afrika; die verskillende (veral ook problematiese) aspekte van teksontwerp wat 'n invloed kan hê op die kwaliteit van tekste; en metodes van kwaliteitstoetsing, veral die kontrolelysbepaling waarvoor hier gerapporteer word. Gegee die

beperinge van hierdie artikel, kan ons nie hier volledig rapporteer oor die literatuurondersoek nie. Die evalueringkema wat aangebied word, is egter minstens gedeeltelik die resultaat van hierdie ondersoek.

- Voordat die evalueringkema opgestel is, is funksionele teksanalises uitgevoer op 'n aantal VIGS-tekste wat in Suid-Afrika versprei word. Op grond van hierdie analises (en gekombineer met die kundigheid wat die literatuurondersoek opgelewer het) kon 'n voorlopige “spyskaart” van potensiële probleme in Suid-Afrikaanse VIGS-tekste opgestel word. Hierdie probleemlys het die basis gevorm waarop die skema ontwikkel is.

3.2 Tipe evalueringkema

Evalueringkemas soos hierdie kan verskillende gedaantes aanneem. De Jong & Schellens (1995: 68-70) maak 'n verdeling gebaseer op die volgende veranderlikes:

1. Algemeen vs. spesifiek:

'n *Algemene evalueringkema* word nie met enige besondere teksgenre verbind nie, maar is in beginsel van toepassing op enige teks.

'n *Genrespesifieke evalueringkema* is van toepassing op een spesifieke genre, byvoorbeeld 'n vorm, 'n brosjure, of 'n voorligtingstekst.

'n *Organisasiespesifieke evalueringkema* neem gewoonlik die vorm aan van 'n stel huisreëls wat geld vir 'n spesifieke organisasie, of sterker nog: dit word gebruik juis om die huisreëls te beskerm.

2. Omvang:

By die ontwerp van so evalueringkema moet daar 'n keuse gemaak word tussen volledigheid en hanteerbaarheid, met *uitgebreide* of *beknopte evalueringkemas* die gevolg.

3. Eksaktheid vs. vaagheid van beoordelingskriteria:

Die ontwerper van die evalueringkema het die keuse tussen *eksakte kriteria* van beoordeling (byvoorbeeld in gevalle waar die evalueerder 'n analise moet doen oor die aan- of afwesigheid van 'n bepaalde tekskenmerk), of die ontwerper kan 'n sekere mate van *vaagheid in die beoordeling* inbou (byvoorbeeld in gevalle waar die evalueerder 'n eie, dikwels subjektiewe, beoordeling moet gee van 'n bepaalde tekskenmerk).

Die evalueringkema waaroor hier gerapporteer word, vertoon die volgende kenmerke:

- Dit is 'n spesifieke evalueringkema op twee punte: (a) Die evalueringkema is genrespesifiek na die mate waarin dit van toepassing is op (veral) oordedende tekste, en (b) dit is temaspesifiek, want dit het betrekking op tekste wat handel oor MIV/VIGS.

- Dit is 'n uitgebreide evalueringskema, soos blyk uit die detail van die skema self.
- In die evalueringskema word gebruik gemaak van eksakte en vae beoordelingskriteria.

Die evalueringskema moet egter ook getipeer word op basis van 'n tweede moontlike verdeling, naamlik dié tussen *formatiewe en summatiewe toetsing*, die verdeling wat reeds in afdeling 1 aan die orde gestel is. Soos wat later ook sal blyk uit die inhoud en beskrywing van die evalueringsinstrument, kan hierdie evalueringskema sonder twyfel as 'n formatiewe toetsingsmetode gekarakteriseer word, d.w.s. 'n metode met behulp waarvan voortoetsing van 'n enkele teks of 'n aantal tekste in 'n voorligtingsveldtog gedoen kan word ten einde die betrokke teks of tekste te verbeter voordat hulle gepubliseer word.

Indien met summatiewe toetsing verwys word na die toetsing van die effek van bestaande tekste (soos die deelprojekbeskrywing in afdeling 1 suggereer), sou 'n mens hierdie instrument beswaarlik as 'n eksponent van summatiewe toetsing kon beskou, aangesien die kontrolelystems nie werklik ingaan op die effek van die teks op 'n leserspubliek nie. As met summatiewe toetsing egter verwys word na die toetsing van bestaande tekste met “trouble-shooting” as onmiddellike doelwit en die latere hersiening van hierdie tekste as finale doelwit, is hierdie instrument wel 'n eksponent van die betrokke toetsingstipe.

Kortom: Na ons oordeel het die evalueringsinstrument wat hier aangebied word wel 'n multifunksionele karakter, d.w.s. dit kan in verskillende stadia van die dokumentontwerpproses (formatief of summatief) ingespan word.

3.3 Die noodsaak van teksgerigte metodes van kwaliteitsondersoek

Oor die jare was daar 'n geneigdheid om die waarde van lesergerigte tekskwaliteitsondersoek te oorskakel. Talle van die lesergerigte metodes maak gebruik van meer eksakte, empiriese metodes van ondersoek wat daaraan die sweem van betroubaarheid gee. Soos Lentz en Pander Maat (1993) egter aantoon, is lesers in die algemeen juis nie daartoe in staat om alle tekortkominge van tekste op te spoor nie. Verskillende ondersoeke laat blyk dat lesers eenvoudig nie die meta-tekstlinguistiese kennis het om veral die hoëvlakprobleme (soos probleme met inhoudelike organisasie, koherensie, paragrafering, ens.) te identifiseer nie. Daarom is dit van groot belang dat teks- en lesergerigte metodes in kombinasie toegepas word, en is dit veral belangrik dat die teksgerigte metodes daarop ingestel moet wees om die volle spektrum van teksontwerpprobleme bloot te lê.

Wat egter van belang is, ook in die evalueringskema wat hier aangebied word, is dat teksevalueringsskemas nie finale oordele oor tekskwaliteit tot gevolg het nie, d.w.s.

ook hulle kan nie altyd met sekerheid aandui waar die probleme in 'n teks lê nie. Hulle waarde is onses insiens daarin geleë dat hulle *potensiële* probleme in 'n teks blootlê en juis daarom moet hierdie tipe ondersoek opgevolg moet word met ander, veral lesergerigte, ondersoek om te bepaal hoe ernstig die probleem werklik is. Dit is ook moontlik dat die probleem wat 'n teksspesialis raaksien hoegenaamd nie deur die teikengroep as probleem ervaar word nie.

Hierdie toedrag van sake noodsaak die ontwikkeling van meer gespesialiseerde, maar sekerlik ook meer omvattende teksgerigte metodes waarmee die tekortkominge van lesergerigte metodes teengewerk kan word.

4. Die evalueringsskema vir VIGS-tekste

4.1 Inleiding

Die volgende tekskenmerke word gebruik as basis vir die strukturering van die evalueringsskema:

- Bron
- Teikengroep
- Inhoud
- Doel van teks
- Waarde-appèl
- Oorredingsmeganismes
- Taalgebruik en styl
- Teksstruktuur
- Teks en beeld
- Uitleg

In die afdelings wat volg, word die verskillende onderdele van die skema aangebied met 'n kort bespreking waarin daar onder andere 'n verantwoording van die betrokke onderdeel aangebied word. Die aspekte van teksontwerp wat geëvalueer moet word, word in vraagvorm aangebied. Twee soorte vrae word gestel: (a) analitiese vrae, gemerk as A, en (b) evaluerende vrae, gemerk as E. Aanvanklik is die skema ontwikkel om ook 'n derde vraagtype in te sluit (direk na die analisevraag), nl. 'n vraag oor die ondersteuning of motivering vir die analise. So 'n ontwerp kan gesien word in die volgende vraagstel:

- D3A** Wat is die uiteindelijke doel van die teks, m.a.w. wat wil die sender uiteindelik met die teks bereik?
(Byvoorbeeld, in 'n teks wat handel oor die gebruik van kondome kan die hoofdoel motiverend wees deurdat die teks die leser aanmoedig om 'n kondoom te gebruik. Die uiteindelijke doel van die teks kan egter wees om die leser te motiveer om veilige seks te beoefen.)
- D3B** Op grond waarvan het u dit afgelei?

- D3C** Is dit vir u duidelik wat die uiteindelijke doelwit is? Sluit die uiteindelijke doel na u mening aan by die inhoud van die teks? (Vergelyk u antwoord met wat u by **C** ingevul het.) Is u van mening dat die teks suksesvol sal wees om die uiteindelijke doelwit te bereik? Waarom/waarom nie?

Daar is egter, na die eerste toetsingsfase van die skema, besluit om hierdie vraagtype te verwyder, in die eerste plek omdat dit 'n geweldig voorspelbare karakter gehad het (talle van die vrae het byvoorbeeld dieselfde formulering gehad as die een in die voorbeeld), en tweedens om sodoende die lengteprobleem van die skema aan te spreek (kyk ook afdeling 5, waar gerapporteer word oor die eerste fase van evaluering). Die bedoeling is verder dat hierdie motiveringsvraag implisiet geag word in die analisevraag, m.a.w. die gebruiker van die skema moet in elk geval sy of haar analise kan motiveer (soos aangedui sal word in die inleiding tot die skema).

4.2 Bron

Een van die eerste kenmerk-groepe van 'n teks wat aandag verdien, is die sogenaamde bronkenmerke. Dit is belangrik om te weet deur watter organisasie of, indien moontlik, deur watter skrywers die teks geskryf is omdat die kultuur, die waardes, die houdings, en die kennis van die bron 'n impak kan hê op die inhoud en ontwerp van die teks.

Talle VIGS-tekste is die resultaat van vertalings, vandaar die vrae wat betrekking het op die vertaling al dan nie van die teks. Van hierdie tekste word byvoorbeeld oorgeneem van 'n Amerikaanse of Europese bron en is dan nie altyd aangepas vir die Suid-Afrikaanse konteks nie of hulle is gewoon swak vertalings wat sodoende die effektiwiteit van die tekste aantast.

- A1A** Wie het die brosjure uitgegee?
- A2A** As die bron van die brosjure 'n organisasie is, het die organisasie 'n identifiseerbare organisasiekultuur? (*VIGS-brosjures kan byvoorbeeld uitgegee word deur nie-regeringsinstansies met 'n bepaalde siening oor die VIGS-pandemie, of deur kerklike organisasies wat 'n meer moralistiese kyk op die probleem het.*)
- A2E** Het die organisasiekultuur op enige wyse (positief of negatief) 'n uitwerking op die inhoud en die ontwerp van die teks?
- A3A** Indien die skrywer(s) van die brosjure identifiseerbaar is, tot watter kultuurgroep(e) behoort die hy of sy/hulle?
- A3E** Het die kultuur van die skrywer op enige wyse (positief of negatief) 'n uitwerking op die inhoud en die ontwerp van die teks?
- A4A** In watter mate is die oorsprong/skrywer van die teks ook 'n lid/lede van die teikengroep? (*'n Teks word byvoorbeeld geskep deur 'n organisasie vir homoseksuele persone met homoseksuele persone as teikengroep.*)
- A4E** Is die teks na u mening as gevolg hiervan meer oortuigend? Waarom/waarom nie?
- A5A** In aansluiting by A4A: Soms kan 'n skrywer 'n bepaalde persoonlikheid aanneem wat nie noodwendig dié van die werklike skrywer is nie (ook 'n persona genoem). Word daar in die betrokke teks van so 'n skrywerspersona gebruik gemaak (byvoorbeeld 'n simpatieke persona, 'n beskuldigende persona, ens.)?
- A5E** Is die teks na u mening as gevolg van hierdie personakeuse meer oortuigend? Waarom/waarom nie?
- A6A** Is die brosjure ook in ander tale beskikbaar? Indien wel, watter tale?

- A7A** Is hierdie betrokke brosjure 'n vertaling?
A7E Het u gevalle van foutiewe/slegte vertaling in die teks geïdentifiseer?

4.3 Teikengroep

In enige funksionele analise is vrae rondom die teikengroep van die teks van besondere belang, veral in 'n multikulturele land soos Suid-Afrika, waar teikengroepe met verskillende kulture ongetwyfeld 'n invloed moet hê op die ontwerp van 'n teks. Die aard van die teikengroep kan naamlik 'n bepalende invloed hê op talle aspekte van teksontwerp, waaronder die hoeveelheid en die moeilikhedsgraad van die inligting, die styl, en die verhouding tussen teks en beeld, om maar enkeles te noem. Die vrae in hierdie afdeling probeer dan ook so eksak moontlik bepaalde kenmerke van die teikengroep blootlê, veral ook daardie kenmerke wat spesifiek met die onderwerp te make het.

Besondere aspekte waarop gefokus moet word, sluit in kultuur, geslag, ouderdom, seksuele voorkeur, lewensbeskouing (veral godsdiens), opvoedingspeil, om maar enkeles te noem.

Talle VIGS-tekste ontpoor juis op hierdie punt, o.a. omdat so baie van hulle oorgeneem is uit ander kulture (veral die Amerikaanse verwysingswêreld) en juis nie goed aangepas is vir 'n Suid-Afrikaanse publiek nie.

- B1A** Ouderdomsgroep?
B1E Word die spesifieke ouderdomsgroep na u mening op 'n toepaslike wyse aangespreek? Waarom/waarom nie?
B2A Vlak van opleiding?
B2E Word die teks na u mening voldoende aangepas vir die betrokke teikengroep se vlak van opleiding? Waarom/waarom nie?
B3A Geslag?
B3E In die geval waar daar slegs een van die geslagte aangespreek word, word dit na u mening op 'n toepaslike wyse gedoen? Waarom/waarom nie?
B4A Seksuele voorkeur?
B4E Indien slegs een seksuele voorkeur aangespreek word, word dit na u mening op 'n toepaslike wyse gedoen? Waarom/waarom nie?
B5A Etniese groep/e?
B5E Word die etniese groep/groepe na u mening korrek aangespreek? Waarom/waarom nie?
B6A Is die teikengroep in hierdie teks lesers wat MIV-positief is of lesers wat nie MIV-positief is nie?
B6E Word lesers, afhangende daarvan of hulle met die virus besmet is, al dan nie, na u mening korrek aangespreek? Waarom/waarom nie?

4.4 Doel van die teks

Tekste kan verskillende doelwitte hê, wat verdeel kan word in twee breë kategorieë, nl. kommunikatiewe doelwitte en uiteindelijke of beleidsdoelwitte. Vyf kommunikatiewe doelwitte kan onderskei word, elkeen met hulle eie besondere tekseise (kyk vraag C1A). Die effektiwiteit van die teks word egter uiteindelik gemeet aan die uiteindelijke doelwitte van die teks, byvoorbeeld of dit inderdaad 'n houdingsverandering jeens die gebruik van kondome bewerkstellig, en of dit werklik mense sover kry om vir 'n VIGS-toets aan te meld.

Soms blyk nie duidelik uit die aanbod wat die doelwitte van die betrokke VIGS- teks is nie en dit gee dan aanleiding tot 'n gebrek aan fokus wat weer die effektiwiteit van die teks skaad.

- C1A** Watter kommunikatiewe doelwitte kom in die teks voor?
Kies een of meer uit die volgende lys:
- Informatief: die sender wil kennis oordra
 - Instruktief: die sender wil sekere vaardighede by die ontvanger kweek
 - Oorredend: die sender wil 'n verandering in die denkwyse van die ontvanger stimuleer
 - Motiverend: die sender wil nie net die ontvanger oortuig nie, maar wil terselfdertyd die ontvanger aanmoedig om iets te doen of om op te hou om iets te doen
 - Affektief: die sender wil sekere emosies aan die ontvanger oordra
- C1E** Is dit vir u duidelik watter kommunikatiewe doelwit nagestreef word? Indien nie, is dit vir u 'n probleem? Voldoen die teks na u mening aan die informatiewe/instruktiewe/oorredende/motiverende/affektiewe doelwit? Waarom/waarom nie?
- C2A** Watter een van die doelwitte wat u by **D1A** genoem het, is die hoofdoelwit in hierdie teks? (Hier moet u die dominante kommunikatiewe doelwit identifiseer.)
(*'n Teks het gewoonlik meer as een kommunikatiewe doelwit. 'n Teks is byna nooit suiwer informatief of suiwer instruktief van aard nie.*)
- C2E** Is dit vir u duidelik wat die hoofdoelwit is? Indien nie, is dit vir u 'n probleem? Waarom/waarom nie?
- C3A** Wat is die uiteindelijke doel van die teks, m.a.w. wat wil die sender uiteindelik met die teks bereik?
(*Byvoorbeeld, in 'n teks wat handel oor die gebruik van kondome kan die kommunikatiewe doelwit motiverend wees deurdat die teks die lesers aanmoedig om 'n kondoom te gebruik. Die uiteindelijke doel van die teks kan egter wees om die lesers te motiveer om veilige seks te beoefen.*)
- C3E** Is dit vir u duidelik wat die uiteindelijke doelwit is? Sluit die uiteindelijke doel na u mening aan by die inhoud van die teks? (Vergelyk u antwoord met wat u by **C1A** ingevul het.) Is u van mening dat die teks suksesvol sal wees om die uiteindelijke doelwit te bereik? Waarom/waarom nie?

4.5 Inhoud

Die tekste waarop hierdie evalueringskema gerig is handel almal oor MIV/VIGS. Daar is egter 'n groot verskeidenheid subtemas binne hierdie oorkoepelende onderwerp, en dit is inderdaad belangrik om deeglik na te dink oor die implikasies wat die temakeuse vir die dokumentontwerp kan hê. Sommige temas is byvoorbeeld minder bekend as ander (vgl. die verskil tussen kondoomgebruik en VIGS by verwagte moeders) en sal eiesoortige eise stel aan byvoorbeeld die inhoudelike aanbod.

Moontlike subtemas:

- Versorging van VIGS-pasiënte
- Kondoomgebruik
- Toetsing vir MIV/VIGS (aanmelding, ens.)
- Medikasie
- VIGS in die werkplek
- VIGS in die gesin
- VIGS en swangerskap

- VIGS en homoseksualiteit

- D1A** Watter inligting word in hierdie teks weergegee, m.a.w. wat is die algemene inhoud van die teks?
(Dit kan byvoorbeeld wees: VIGS en swangerskap, VIGS en die gebruik van medikasie, VIGS en homoseksualiteit, VIGS en die gebruik van kondome.)
- D1E** Voldoen hierdie inhoud na u mening aan die teikengroep se behoeftes? Word hierdie inligting op 'n toepaslike wyse aan die teikengroep oorgedra? Waarom/waarom nie?
(Vergelyk met **E**, **F** en **H** waar ook na die inhoud verwys word, sy dit direk of indirek.)

4.6 Teksstruktuur

Die sukses van enige teks is afhanklik van die sinvolle organisasie daarvan op verskillende vlakke. In hierdie afdeling van die evalueringskema word gebruik gemaak van die tweedeling tussen innerlike struktuur en uiterlike struktuur.

Met innerlike struktuur word verwys na die organisasie van die inhoud. Die vrae in hierdie gedeelte fokus daarom op aspekte soos die logiese opeenvolging van verskillende inhoud, die sinvolle koppeling tussen inhoud en tema, en die volledigheid en korrektheid van die inhoud.

Die uiterlike struktuur is die meer waarneembare aspekte van teksorganisasie. In hierdie afdeling fokus die vrae op aspekte soos die onderverdeling in hoofstukke, afdelings of paragrawe, die oorgange tussen onderverdelings, die hantering van opskrifte, die gebruik van struktuuraanduiders en die gebruik van merkers van samehang (De Stadler s.j.: 1). Soos sal blyk uit die vraagformulerings is dit nie altyd moontlik om 'n duidelike onderskeid te tref tussen die innerlike en uiterlike struktuur nie.

Hoe is die teks innerlik gestruktureer?

Innerlike struktuur het te doen met die inhoudelike organisasie.

- E1A** Watter temas kom opeenvolgend voor?
- E1E** Vind u die opeenvolging van temas sinvol? Sluit hierdie temas aan by die algemene inhoud van die teks (wat u by **D** ingevul het)? Waarom/waarom nie?
- E2A** Watter hiërargie kom voor by hierdie temas? (Is daar m.a.w. 'n hooftema met subtemas wat daaraan verwant is?)
- E2E** Is die hiërargie na u mening sinvol en logies? Waarom/waarom nie?
- E3A** Hoe is die verskillende temas op inhoudelike vlak aan mekaar verwant?
- E3E** Is die temas na u mening op 'n sinvolle manier aan mekaar gekoppel m.a.w. is daar voldoende bruginhoud teenwoordig? Waarom/waarom nie? Indien nie, vind u die afwesigheid van bruginhoud problematies? Waarom/waarom nie?
- E4A/E** Is die titels (opskrifte) verteenwoordigend van die onderstaande teks?
- E5A/E** Watter inligting ontbreek moontlik en waarom?
- E6A/E** Watter inligting is moontlik verwarrend en waarom?
- E7A/E** Watter inligting is moontlik foutief en waarom?

Hoe is die teks uiterlik gestruktureerd?

Uiterlike struktuur dui op sigbare maniere waarmee die innerlike struktuur aangetoon word.

- E8A** Uit hoeveel hoofstukke of afdelings bestaan die teks, indien wel?
- E8E** Is dit te veel, te min, of voldoende? Waarom?
- E9A** Hoeveel onderafdelings is daar in die teks?
- E9E** Is dit na u mening te veel, te min, of voldoende? Waarom?

- E10A** Hoeveel paragrawe bevat die teks?
- E10E** Is dit na u mening te veel, te min, of voldoende? Waarom?
- E11A** Het elke paragraaf een duidelike tema, of is daar paragrawe met meer as een tema?
- E11E** Indien daar slegs een tema per paragraaf voorkom, watter tema word in elke paragraaf bespreek? Indien daar paragrawe is sonder 'n duidelike tema, vind u dit 'n tekortkoming? Waarom/waarom nie? Indien daar paragrawe is met meer as een tema, watter paragrawe is dit en is hierdie paragrawe na u mening verwarrend? Waarom/waarom nie?
- E12A** Watter sigbare oorgange is daar tussen paragrawe?
- E12E** Is hierdie oorgange na u mening korrek en duidelik ? Waarom/waarom nie?
- E13A** Is daar in elke paragraaf 'n uitbouing/ondersteuning van die temasin? Watter paragrawe het sodanige uitbouing/ondersteuning en watter het nie?
- E13E** Waar daar wel uitbouing/ondersteuning voorkom, is dit na u mening noodsaaklik? Waarom/waarom nie?
- E14E** Is die opskrifte na u mening voldoende om die leser se aandag te trek?
- E15A** Watter gedeeltes in die teks dui die struktuur aan?
Hierdie gedeeltes verduidelik die struktuur van die teks eksplisiet. Dit is gewoonlik vooruitskouings of terugblikke/samevattinge.
- E15E** Indien daar sodanige gedeeltes aanwesig is, is dit na u mening noodsaaklik? Waarom/waarom nie?
Indien daar nie sodanige gedeeltes is nie, is dit na u mening 'n tekortkoming? Waarom/waarom nie?
- E16A** Watter sinjaalformulerings kom in die teks voor?
(Sinjaalformulerings is woorde of woordgroepe wat aandui watter vraag beantwoord is of beantwoord gaan word (Steehouder, 1999). Voorbeelde hiervan is kortom, ter samevatting, dis, met ander woorde, maar, egter, tog, en ook, voorts, daarby, ten eerste, ten laaste, enersyds ... andersyds, nie alleen ... maar ook.
- E16E** Dra hierdie konstruksies na u mening daartoe by dat daar samehang in die teks is? Waarom/waarom nie?
- E17A** Is verbande tussen gedeeltes/temas eksplisiet, of kom daar gedagtespronge voor?
- E17B** Op grond waarvan het u dit afgelei?
- E17E** Indien daar wel gedagtespronge voorkom, is dit na u mening verwarrend? Waarom/waarom nie?
Indien verbande eksplisiet gemaak is, is dit na u mening soms oorbodig? Waarom/waarom nie?
- E18A** Is kerninligting op voorkeurposisies geplaas?
('n Voorkeurposisies sluit in: die eerste sin van 'n onderafdeling/paragraaf, die tweede sin van 'n onderafdeling/paragraaf indien die eerste sin 'n inleidende karakter het, of die laaste sin van 'n onderafdeling/paragraaf.)
- E18E** Indien inligting in voorkeurposisies staan, dra dit na u mening by tot 'n beter begrip van die teks? Waarom/waarom nie?
Indien kerninligting nie in voorkeurposisies staan nie, is dit na u mening 'n tekortkoming van die teks? Waarom/waarom nie?
- E19A** Watter passiefkonstruksies kom voor?
(Hier moet net na passiefkonstruksies gekyk word waardeur daar 'n tematiese verskuiwing plaasvind, byvoorbeeld wanneer die tema, deur die gebruik van die passiefkonstruksie, voor in die sin staan.)
- E19E** Help hierdie konstruksies met die verstaan van die teks? Waarom/ waarom nie?
- E20A** Watter voornaamwoorde kom voor wat na die tema as sodanig verwys ?
(Voornaamwoorde is byvoorbeeld hy, sy, hierdie, daardie, waarmee, daarmee, hier, daar, hierdeur, hierop, ens. Sulke voornaamwoorde verseker tematiese kontinuïteit in die teks sodat die leser die draad makliker kan volg.)
- E20E** Word daar na u oordeel voldoende van hierdie meganisme gebruik gemaak om die samehang van die teks te verseker? Is die verwysings van die betrokke voornaamwoorde duidelik/eenduidig?
- E21A** Watter herhalings van die tema of temas kom voor?
- E21E** Indien daar wel herhalings voorkom, help dit na u mening met die verstaanbaarheid van die teks? Waarom/ waarom nie?

- Indien daar geen herhalings voorkom nie, is dit 'n tekortkoming? Waarom/ waarom nie?
- E22A** Watter woorde met betekenis verwant aan die tema of temas kom voor?
- E22E** Indien hierdie woorde voorkom, help dit na u mening met die verstaanbaarheid van die teks? Waarom/waarom nie?
- Indien nie, is dit na u mening 'n tekortkoming? Waarom/waarom nie?
- E23A** Watter opsommings of parafrases kom voor?
- E23E** Indien daar wel opsommings of parafrases voorkom, help dit na u mening met die verstaanbaarheid van die teks? Waarom/waarom nie?
- Indien daar geen opsommings of parafrases voorkom nie, is dit 'n tekortkoming? Waarom/waarom nie?

Hierdie afdeling in die evalueringkema is een van die eerste van die langer afdelings, en juis die lengte van die afdeling en die aard van (veral sommige van) die vrae bring 'n belangrike vraagstuk op die voorgrond: Hierdie tipe evalueringinstrument se praktiese uitvoerbaarheid word heel dikwels negatief beïnvloed deur (a) die lengte van die instrument self, en (b) die lengte van die teks waarop die instrument toegepas moet word. Om 23 vrae te pas op 'n langer dokument neem 'n geweldige hoeveelheid tyd in beslag. Verder kan die aard van die vrae in die instrument ook 'n impak hê op die uitvoerbaarheid daarvan. Neem as voorbeelde vrae E20 en E22: In 'n lang dokument kan 'n ondersoek na die gebruik van alle voornaamwoorde of tematies verwante woorde 'n geweldige hoeveelheid tyd in beslag neem, soos trouens geblyk het in die eerste voorlopige toetsingsfase.

Hierdie vraagstuk duik ook in ander afdelings op (soos bv. in afdelings G en H van die skema) en sal in die volgende ondersoeksfase deeglik onder oë geneem moet word.

4.7 Waarde-appel

Suid-Afrika is 'n land wat gekenmerk word deur kulturele diversiteit. Dikwels is die verskille veral te herlei tot verskille in waardehiërargieë tussen verskillende groepe. In VIGS-tekste wat bedoel is vir die hele bevolking sal 'n mens moet rekening hou met die kulturele diversiteite en die waardeverskille deur 'n appel te maak op daardie waardes wat vir 'n bepaalde groep belangrik is. Daarom moet 'n evalueringinstrument hierop ingaan en bepaal wat die effek is van bepaalde waarde-uitsprake.³

Vrae F2 en F3 gaan oor ideologie en vooroordele (kyk verduideliking in vraelys self), twee veranderlikes wat die effek van die teks op die teikengroep radikaal kan beïnvloed indien daar nie 'n goeie passing is nie. Hierdie twee vrae is natuurlik geweldig moeilik om te beantwoord, veral omdat 'n ideologiese lading of vooroordeel

³ Die voorbeelde van waardes wat hier genoem word kom uit die kursus Onderzoek Interculturele Communicatie (OIC), wat aan die Katholieke Universiteit Nijmegen, afdeling Bedrijfscommunicatie Letteren aangebied is.

heel dikwels so subtiel in 'n teks tot uiting kom. Die vrae moet egter dien as vroeë waarskuwingsmeganismes vir die evalueerder: Enige onsekerheid oor hierdie aspekte van die teksaanbod moet liefds getoets word met verdere (veral lesergerigte) ondersoeke.

Talle van die vrae wat in hierdie afdeling gestel word, is gebaseer op die werk van Van Dyk (2001a, 2001b). Sy argumenteer dat VIGS-voorkomingsprogramme in Afrika alleen suksesvol kan wees as voorligters rekening hou met tradisionele waardes, gewoontes en tradisies van die verskillende bevolkingsgroepe. Dit is veral van belang om deeglik rekening te hou met die verskille tussen die Westerse en Afrikakulture, verskille wat juis maklik geïgnoreer word deur die Westerse wêreld. Te veel van die programme het 'n Westerse geskiedenis en integreer nie altyd die waardes, houdings, gewoontes en tradisies van Afrika nie, en juis daarom misluk die programme dan ook so dikwels. Van die sake wat meer aandag verdien in hierdie programme (volgens Van Dyk) is die rol van heksery, die belang van kinders (veral “kinders kry”) in die sosiale struktuur, en die belangrike rol van die groep as identiteitgewer. Dit is ook kortsigtig om die rol van tradisionele genesers en toordokters te ignoreer.

In Suid-Afrika speel veral die kerk en godsdiens 'n belangrike rol. In sommige van die VIGS-brosjures (veral dié wat deur kerklike organisasies geproduseer word) blyk daar dan 'n sterk ideologiese, kerklik-waardegedrewe oordeel te wees en skemer bepaalde vooroordele soms deur op subtiel en minder subtiel maniere (byvoorbeeld vooroordele teen homoseksuele mense, of mense wat seks voor die huwelik aanvaarbaar vind).

F1A Wat is die dominante waardesisteme waarop daar in hierdie teks 'n beroep gedoen word?
F1E As u die teikengroep wat u by **B** ingevul het, in ag neem, stem die waardesisteme waarop daar in die teks 'n beroep gedoen word na u mening ooreen met dié van die teikengroep? Indien wel, is dit vir u aanvaarbaar? Indien nie, is dit vir u 'n probleem? Waarom/waarom nie?

Voorbeelde van waardes met toeligting:

- | | |
|------------------------|---|
| • <i>Wysheid</i> | <i>kennis, kundigheid, deskundigheid, vlugheid van begrip</i> |
| • <i>Volwassenheid</i> | <i>lewenswysheid, volwassenheid, rypheid van insig</i> |
| • <i>Jeug</i> | <i>jeugdigheid, ontwikkeling, groei</i> |
| • <i>Trou</i> | <i>rustigheid, gehoorsaamheid, konformisme, getrouheid, opoffering</i> |
| • <i>Gesondheid</i> | <i>fiksheid, krag, lewenslustigheid</i> |
| • <i>Skoonheid</i> | <i>(liggaamlike)skoonheid, modebewustheid, goeie versorging</i> |
| • <i>Ontspanning</i> | <i>rustigheid, gemak, vakansie</i> |
| • <i>Plesier</i> | <i>pret, plesier, humor, feestelikheid, partytjies</i> |
| • <i>Veiligheid</i> | <i>beskerming, versigtigheid, waarborge</i> |
| • <i>Seks</i> | <i>erotiek, romanse, sinsgenot</i> |
| • <i>Vernuwing</i> | <i>moderne leefstyl, vooruitstrewendheid, verbetering, nuutheid</i> |
| • <i>Tradisie</i> | <i>geskiedenis, legendes, eerbied, nostalgie, tradisie</i> |
| • <i>Aanvaarding</i> | <i>aanvaarding en waardering deur ander (familie, vriende, kennisse, kollegas, ander mense)</i> |
| • <i>Hulpverlening</i> | <i>liefde, steun en simpatie aan ander, hulpvaardigheid</i> |
| • <i>Hulp ontvang</i> | <i>ondersteuning, liefde, waardering en simpatie van ander</i> |
| • <i>Familie</i> | <i>tuiste, geselskap van kinders/ouers</i> |

- *Onafhanklikheid* selfstandigheid, onkonvensionele leefstyl, selfvertroue, non-konformisme
- *Ander waardes?*

F2A Word daar in die teks 'n bepaalde denkwysie of 'n bepaalde ideologie vooropgestel en indien wel, hoe?

F2E Is dit vir u 'n probleem? Dink u dat hierdie ideologie of denkwysie ooreenstem met dié van die teikengroep? Waarom/waarom nie? (Beantwoord slegs indien u by **F2A** "ja" geantwoord het.)

F3A Is daar in die teks 'n bepaalde vooroordeel teenwoordig en indien wel, hoe kom dit na vore?

F3E Is dit vir u 'n probleem? Waarom/waarom nie? (Beantwoord slegs indien u by **F3A** "ja" geantwoord het.)

Let wel

Die verskil tussen 'n ideologie en 'n vooroordeel is dat 'n ideologie meer institusioneel is as 'n vooroordeel. 'n Ideologie is beter gestruktureerd, meer sistematies en het 'n meer konkrete basis as 'n vooroordeel. 'n Vooroordeel berus meer op 'n opinie of 'n houding. Byvoorbeeld: 'n Kerklike ideologie wat seks voor die huwelik afkeur, kan gebaseer wees op die Bybel, of op uitsprake deur een of ander kerklike gesag. As iemand egter sê dat kondoomgebruik impliseer dat jy nie jou maat vertrou nie, is dit eerder 'n vooroordeel as 'n ideologie.

Vooroordele of ideologieë in 'n teks kan na vore kom in die spesifieke taalgebruik. 'n Skrywer kan hom/haar byvoorbeeld bewustelik of onbewustelik van iets distansieer deur afstandige taal te gebruik. Van Dyk (2001: 95) voer aan dat die gebruik van seksistiese taal ook 'n aanduiding van 'n ideologie of vooroordeel kan wees.. As daar byvoorbeeld telkens na "hy" en "hom" verwys word in 'n bepaalde teks, kan dit die idee skep dat mans bevoordeel word, altyd die skuldige party is, of watter vooroordeel ook uit die betrokke teks mag spreek. Verder kan daar ook in die struktuur van die teks, die argumente en die gebruik van spesifieke grafika-elemente ideologieë of vooroordele wees/voorkom.

F4A Word daar rekening gehou met die gewoontes en tradisies van bepaalde teikengroepe en indien wel, hoe?

'n Aantal voorbeelde van gewoontes en tradisies wat onder verskillende Suid-Afrikaanse etniese groepe voorkom:

- *die heiligheid van die huwelik*
- *seks voor die huwelik is sonde*
- *glo in hekserij*
- *die belangrikheid daarvan om kinders te hê*
- *die rol van poligamie*
- *die oortuiging dat kondome onvrugbaarheid kan veroorsaak*
- *die oortuiging dat kondome die groei van die fetus kan benadeel*
- *die belangrikheid van die groep waaraan 'n mens behoort*
- *die respek wat daar bestaan vir tradisionele genesers en toerokters*

Let wel

*"Rekening gehou met" soos wat dit in **F4A** gebruik word, beteken nie soseer die kritisering en/of afkeuring van bogenoemde praktyke en tradisies nie. Dit sou selfsugtig en arrogant wees om te dink dat diepgewortelde tradisies en kultuurkenmerke na willekeur verander kan word. Die vraag is eerder daarop gerig om agter te kom of daar op een of ander manier in die teks aandag gegee word aan die elemente, en of dit uit die teks blyk dat die skrywer kennis dra en bewus is van die norme en waardes van sy of haar teikengroep.*

F4E Word daar na u mening genoeg rekening gehou met hierdie gewoontes en tradisies? Word daar na u mening op 'n toepaslike wyse hiermee rekening gehou? Waarom/waarom nie?

Een van die probleme met hierdie afdeling is natuurlik juis die rol van die kultureel-ideologiese profiel van die evalueerder: Die ideale situasie sou wees dat die evalueerder self vry is van vooroordele en dat sy of haar kultureel-ideologiese profiel geen rol speel in die beoordeling van die teks nie. Hierdie ideale wêreld bestaan egter nie en daarom sal daar in opvolgondersoeke vasgestel moet word in welke mate, indien wel, die vooroordele en profiel van die evalueerder 'n rol speel.

4.8 Oorredingsmeganismes

Met oorredingsmeganismes word verwys na 'n wye verskeidenheid oorredingsmeganismes wat in VIGS-tekste kan voorkom. Dit sluit meer rasionale vorme van (logiese) argumentasie in, maar kan ook verwys na meer pragmatiese vorme van argumentasie (byvoorbeeld argumentasie op basis van 'n outoriteit, verwysing na voor- en nadele, konsensusargumentasie, ens.) of na oorreding deur gebruikmaking van 'n vreesappèl of akkommodasie.

In VIGS-tekste kan daar geargumenteer word vir die waarskynlikheid dat 'n bepaalde toedrag van sake geld en sekerlik ook vir die wenslikheid (byvoorbeeld van bepaalde gedragspatrone), maar uiteindelik gaan dit in hierdie tekste veel meer oor die trek van bepaalde konklusies en die gee van advies. Daarom fokus vrae G1 tot en met G4 juis op hierdie aspekte. Veral vraag G2E is van belang omdat Van Dyk (2001a: 91) betoog dat dit waarskynliker is dat iemand sy of haar gedrag sal verander as hy of sy presies weet wat hy of sy moet doen en hoe hy of sy dit moet doen.

Vraag G5 vereis dat die evalueerder alle argumente in die teks identifiseer. Hiermee word die evalueerder gedwing om aandag te gee aan die identifiseerbaarheid van die argumente. Dit is verder so dat argumente nie altyd so maklik identifiseerbaar is nie en dat die teks dan juis verloor aan oorredingskrag, vandaar vraag G6. Vraag G7 plaas die relevansie van die argument in fokus, 'n aspek wat dikwels lei tot leservreemding.

Vrae G8 tot en met G10 is geformuleer na aanleiding van Schellens en Verhoeven (1994: 27, 65), en het veral betrekking op die volledigheid van rasonale argumente.

Perloff (2001: 79) wys daarop dat die oorredingskrag van 'n boodskap verhoog word wanneer die klem geplaas word op die verliese wat kan volg uit onveilige seksuele praktyke in plaas van die wins van veilige praktyke. Vandaar die insluiting van vraag G11.

Wat die insluiting van vrae G12 tot en met G17 betref: Hoeken e.a. (s.j.) skryf dat vier soorte bewyse aangevoer kan word ter ondersteuning van wenslikheid- of waarskynlikheidsstandpunte: anekdotiese, statistiese, kousale en outoriteitsbewyse. Hierdie vier tipes bewysvoering is ook geskik vir die ondersteuning van konklusies en adviese. Om hierdie bewystipes te definieer en te operasionaliseer is egter nie so maklik nie, veral omdat daar 'n mate van oorvleueling is tussen die vier tipes. Statistiese bewyse kan byvoorbeeld deur 'n outoriteit oorgedra word. Dit is dus nodig om die kategorieë fyner te onderskei deur eerstens 'n verdeling te maak tussen statistiese bewyse met of sonder die teenwoordigheid van 'n outoriteit.

Ook die kategorie van anekdotiese bewysvoering vra om fyner onderverdeling. Anekdotiese bewysvoering word dikwels hoër waardeur as statistiese bewysvoering, veral vanweë die lewendigheid daarvan (Hoeken en Van Wijk 1997a). Hierdie tipe

bewysvoering se waarde kan egter verder verhoog word as dit rondom 'n persoon opgebou word in plaas daarvan om dit bloot as 'n verskynsel aan te bied. Die vrae maak voorsiening vir hierdie verfynde onderskeid.

Vrae G18 tot en met G22 het betrekking op die verdeling tussen *hard sell* en *soft sell* as oorredingstrategieë. Hoeken (1998: 131) verduidelik die onderskeid soos volg: die *hard sell*-tegniek argumenteer op basis van produkeienskappe, terwyl die *soft sell*-tegniek probeer oorreed op basis die beeld wat 'n produk of saak oproep. Hierdie onderskeid in strategie geld nie net vir reklametekste nie, maar kan ook gebruik word in voorligtingsituasies, soos in die geval van VIGS-voorligtingstekste. Dit is daarom gepas om deur middel van die evalueringskema vas te stel watter van hierdie strategieë aangewend word. Die waardering vir die keuse kan dan bevestig word in verdere lesergerigte ondersoek.

Vrae G23 tot en met G25 het betrekking op 'n belangrike oorredingsmeganisme wat veral in gesondheidsvoorligting sou kon geld, nl. die gebruik van die vreesappèl. Omdat VIGS so 'n beangstigende siekte is, word vreesappèlle van tyd tot tyd aangewend, maar soos Perloff (2001: 75 e.v.) aandui, is dit nie 'n uitgemaakte saak dat hierdie tegniek altyd suksesvol is nie. Perloff rapporteer dat navorsing juis aantoon dat vreesappèlle werk wanneer negatiewe konsekwensies (*threat component*) gekombineer word met suggesties om die negatiewe konsekwensies teen te werk (*efficacy component*; veral *self-efficacy* – kyk ook opmerking by G27). In die evalueringskema word hiervoor voorsiening gemaak.

Vrae G26 tot en met G31 hou verband met akkommodasie- vs. konfrontasiestrategieë. Ten opsigte van vraag G26 argumenteer Van Dyk (2001a: 89-90) dat dit besonder belangrik is vir voorligters om rekening te hou met mense se interne of eksterne lokus van beheer (*locus of control*).

- **Interne lokus van beheer:** Hierdie toestand geld wanneer 'n persoon glo dat hy of sy in staat is om sy of haar eie gesondheidstoestand te bepaal en dan self verantwoordelikheid aanvaar vir sy of haar gesondheidsvlak. Mense wat 'n interne lokus van beheer het, is van mening dat hulle hulle gesondheid kan beïnvloed en beheer deur hulle persoonlike gedrag.
- **Eksterne lokus van beheer:** Hierdie toestand geld wanneer 'n persoon glo dat hy of sy geen beheer het oor sy of haar eie gesondheid nie. Mense wat 'n eksterne lokus van beheer het, is van mening dat hulle gesondheid afhang van eksterne faktore soos geluk, die noodlot, ander mense of onbeheerbare kragte buite hulleself.

Hierdie verdeling hou in dat verskillende benaderings tot oorreding gevolg word vir verskillende beheerlokusse. Navorsing toon byvoorbeeld aan dat mense met 'n interne lokus van beheer meer gemotiveerd is om hoë-risiko-gedrag te verander as

mense met 'n eksterne lokus van beheer. Natuurlik is lokus van beheer iets wat ook kultureel bepaal word, en dit is daarom nie altyd so maklik om die lokus van beheer in 'n persoon te verander nie. Juis daarom is begrip hiervan so belangrik: Dit is verstandiger om na te gaan wat die lokus van beheer is en die teks daarby aan te pas. Vraag G26 dwing die evalueerder om hieroor 'n oordeel te probeer vel.

'n Verdere aspek van oorreding het te make met die mate waarin die skrywer van 'n VIGS-voorligtingstekste die teikengroep akkommodeer deur hom of haar aan te pas by die teikengroep, of om juis die teikengroep te konfronteer (Perloff 2001: 79 e.v.). Perloff verwys vervolgens na drie teorieë wat te make het met akkommodasie en een met konfrontasie. Die teorieë wat betrekking het op die akkommodasie strategie is die *Theory of Reasoned Action*, die *Elaboration Likelihood Model* en die *Speech Accommodation Theory*, terwyl die *Teorie van Kognitiewe Dissonansie* weer betrekking het op die konfrontasie strategie. Hierdie teorieë speel 'n belangrike rol in die vroeë wat volg en word daarom kortliks toegelig in die volgende paragrawe.

Die *Theory of Reasoned Action* (TRA) word verwerk in vraag G27. Hierdie teorie toon aan dat gedrag bepaal word deur gedragsintensie, en dat gedragsintensie weer bepaal word deur houding en subjektiewe norm (Perloff 2001: 17-18). Die houding word opgebou uit twee komponente, nl. *idees dat die gedrag lei tot bepaalde resultate* en die *evaluering van hierdie resultate*. Die subjektiewe norm is ook opgebou uit twee komponente, nl. *idees dat iemand anders dink dat jy die besondere gedrag moet vertoon of nie*, en die *motivering om jou te skik na die menings van ander*. Al hierdie komponente kan 'n invloed hê op die gedragsintensie, en wanneer skrywers van VIGS-voorligtingstekste dus gedrag wil beïnvloed, moet hulle deeglik rekening hou met hierdie komponente. Vir die doel van die ontwikkeling van die evalueringsskema word die TRA uitgebrei met twee besondere komponente, nl. "self-efficacy" en die vermindering van hindernisse. Van Dyk (2001: 87-88) voer, met verwysing na werk wat o.a. binne die Health Belief Model gedoen is, aan dat hierdie komponente goeie gedragsvoorspellers is.

Vraag G28 en G29: Die *Elaboration Likelihood Model* (ELM) word in vroeë G28 en G29 verrek. Hierdie model hou rekening met die feit dat mense 'n boodskap via 'n sentrale of 'n perifere roete verwerk.

- Met die sentrale roete is daar 'n sistematiese verwerking van gegewens, d.w.s. die leser is gemotiveerd en in staat om goed na te dink oor die boodskap. Indien die skrywer wil hê die leser moet die sentrale roete gebruik, sal daar waarskynlik heelwat rasonale (logiese) argumente wees omdat die skrywer verwag dat die leser die teks krities sal oorweeg.
- Met die perifere roete is daar 'n oppervlakkige verwerking van gegewens, d.w.s. die leser ag dalk die boodskap nie belangrik genoeg nie (die motivering

ontbreek dus) of is nie in staat om goed daarvoor na te dink nie. As die skrywer vir die leser hierdie opsie moontlik wil maak, sal daar waarskynlik nie soveel rasonale argumente wees nie, maar sal hy of sy veral gebruik maak van algemene, vae stellings, emosies of humor. Voorbeeld van 'n algemene stelling: "Almal doen dit, daarom doen ek dit ook."

As 'n skrywer byvoorbeeld verwag dat lesers 'n teks via die perifere roete gaan verwerk, kan daar veel eerder gebruik gemaak word van eenvoudige duimreëls (byvoorbeeld *Almal doen dit, dus ek ook; As daardie bekende figuur dit doen, moet dit reg wees*; ens.). Volgens Perloff is dit belangrik dat gemotiveerde lesers 'n teks kry wat inspeel op die sentrale roete, terwyl minder gemotiveerde lesers 'n teks kry wat inspeel op die perifere roete. Hier speel die konsekwensiebetrokkenheid van die leser (Hoeken 1998: 93) 'n baie belangrike rol. Konsekwensiebetrokkenheid het naamlik te make met die belang wat 'n leser het by 'n bepaalde saak: Hoe groter die konsekwensies, hoe hoër die betrokkenheid (neem, as uiterste geval, die verskil tussen die aankoop van 'n tandeborsel en die aankoop van 'n huis). Hieruit volg verder dat gemotiveerdheid om die korrekte houding te hê, sal styg namate die gevolge van 'n beslissing groter word. Dit beteken dus dat 'n hoër graad van konsekwensiebetrokkenheid sal lei tot 'n groter motivering om argumente sorgvuldig op te weeg en dat mense dus die sentrale roete van teksverwerking sal volg. Wat weer 'n uitwerking sal hê op die ontwerp van die teks.

Juis in VIGS-tekste is dit van groot belang omdat 'n mens kan aflei dat 'n ernstige siekte soos VIGS geassosieer kan word met hoë konsekwensiebetrokkenheid ('n lewensbedreigende siekte). Die verwagting is dus dat hierdie tekste ontwerp word met die sentrale roete van verwerking as uitgangspunt. Die vraag is of dit gebeur, en as dit gebeur of dit noodwendig deur die betrokke teikengroepe hoog gewaardeer word. Daar is immers lesers van VIGS-tekste wat mag oordeel dat hulle nie tot 'n risikogroep behoort nie en dat hulle konsekwensiebetrokkenheid dus laag is. Sulke lesers kies dan moontlik vir die perifere roete van verwerking en sal daarom 'n teks hoër waardeer wat dit in ag neem.

Vraag G30 volg uit die *Speech Accommodation Theory*, 'n teorie wat bepaal dat die sender van 'n boodskap positiewer beoordeel word as die taalgebruik van die sender aangepas word by dié van die ontvanger. Ontwerpkeuses moet dus gerig wees op hierdie akkommodasie-strategie om sodoende die oorrედingskrag van die teks te verhoog.

Vraag G31 het te make met konfrontasie as strategie en is gebaseer op die Kognitiewe Dissonansie Teorie, wat bepaal dat mense dit lastig vind as hulle oortuigings en hulle dae nie met mekaar strook nie. As 'n boodskap dus lesers

konfronteer wat nie doen wat hulle sê hulle gaan doen nie, word daar ingespeel op hierdie kognitiewe dissonansie.

- G1A** Wat is die belangrikste gevolgtrekkings (hoofkonklusies) van die teks?
- G1E** Is dit vir u duidelik wat die belangrikste gevolgtrekkings is? Waarom/waarom nie?
- G2A** Wat is die belangrikste advies wat in die teks gegee word?
- G2E** Word die belangrikste advies na u mening duidelik deurgegee? Word daar na u mening duidelik genoeg uiteengesit en verduidelik *wat* 'n mens moet doen en *hoe* 'n mens dit moet doen? Waarom/waarom nie?

Let wel

'n Belangrike gevolgtrekking kan byvoorbeeld wees dat veilige seks VIGS voorkom. 'n Belangrike advies wat hieruit volg, is dat kondome gebruik moet word.

- G3A** Word die hoofgevolgtrekkings eksplisiet in die teks genoem?
- G3E** Indien wel, vind u dit oorbodig? Waarom/waarom nie?
Indien nie, beskou u dit as 'n tekortkoming? Waarom/waarom nie?
- G4A** Word die belangrikste advies eksplisiet in die teks vermeld?
- G4E** Indien wel, vind u dit oorbodig? Waarom/waarom nie?
Indien nie, beskou u dit as 'n tekortkoming? Waarom/waarom nie?
- G5A** Word daar spesifieke argumente aangevoer wat betref die betrokke hoofgevolgtrekkings en -advies? Indien wel, watter argumente?
- G6A** Is hierdie argumente duidelik identifiseerbaar, of is hulle verdoesel? (Beantwoord slegs as u by **G5A** "ja" geantwoord het.)
- G6E** Indien u antwoord by **G6A** "ja" is, is dit na u mening goed dat die argumente duidelik identifiseerbaar is? Waarom/waarom nie?
Indien u antwoord by **G6A** "nee" is, is dit na u mening 'n probleem dat die argumente nie duidelik identifiseerbaar is nie? Waarom/waarom nie?
- G7A** Beskou u die aangevoerde argumente as relevant? Waarom/waarom nie?
- G8A** Bestaan elk van die argumente uit 'n standpunt, 'n gegewe, 'n regverdiging en 'n ondersteuning?

Standpunt: 'n uitspraak wat ondersteun moet word deur 'n ander uitspraak

Gegewe: 'n uitspraak wat die standpunt ondersteun

Regverdiging: 'n uitspraak in 'n "as-dan-vorm" wat die oorgang van gegewe na standpunt moontlik maak

Ondersteuning: 'n uitspraak wat die regverdiging ondersteun

Skematies voorgestel:

G -----> S

↑

R

↑

O

(Schellens & Verhoeven 1994: 27)

- G8E** Indien u "ja" geantwoord het by **G8A**, is dit na u mening noodsaaklik? Waarom/waarom nie?
Indien u "nee" geantwoord het by **G8A**, is dit na u mening 'n tekortkoming? Waarom/ waarom nie?
- G9E** Is die gegewe in elke argument na u mening korrek? Waarom/waarom nie?
- G10E** Is die regverdiging vir elke argument, implisiet aanwesig al dan nie, na u mening korrek? Waarom/waarom nie?
- G11A** Is die argumente oorwegend negatief, positief of wissel dit?
Voorbeeld van 'n negatiewe argument: Omdat persoon X nie 'n kondoom gebruik het nie, het hy besmet geraak met MIV.
Voorbeeld van 'n positiewe argument: Omdat persoon X 'n kondoom gebruik het, het hy nie besmet geraak met MIV nie.
- G11E** Indien die argumente óf negatief óf positief is, vind u dit doeltreffend?
Indien daar afwisseling is, vind u dit doeltreffend? Waarom/waarom nie?

- **Watter bewyse is daar vir die ondersteuning van die argumente? (Geen, of kies een of meer uit G12 tot G17, met inagneming van die feit dat sulke bewyse op sigself komplekse argumente of argumentkettings kan wees.)**

- G12A** Kousale bewyse: Inligting wat deur die skrywer self gegee word en die uitlig van dié oorsake wat dit waarskynlik maak dat daar 'n bepaalde uitkoms sal wees of reeds was.
Voorbeeld: Persoon X het VIGS omdat hy nie veilige seks beoefen het nie.
- G12E** Is die kousale bewyse, met inagneming van die waardes waarop daar 'n beroep gedoen word en die teikengroep wat daardeur bereik moet word, na u mening geskik? Waarom/ waarom nie?
- G13A** Deskundige bewyse: Inligting wat gegee word deur iemand anders as die skrywer, wat 'n deskundige op die gebied is.
Voorbeeld: 'n Dokter het die gebruik van kondome aanbeveel om MIV-besmetting te voorkom.
- G13E** Is die deskundige bewyse, met inagneming van die waardes waarop daar 'n beroep gedoen word en die teikengroep wat daardeur bereik moet word, na u mening geskik? Waarom/waarom nie?
- G14A** Statistiese bewyse (sonder deskundige kennis): Statistiese inligting verkry vanaf 'n groot aantal gevalle.
Voorbeeld: 57% van mense met MIV het nie die moed om met hulle families te praat oor hulle MIV-besmetting nie.
- G14E** Is die statistiese bewyse, met inagneming van die waardes waarop daar 'n beroep gedoen word en die teikengroep wat bereik moet word, na u mening geskik? Waarom/waarom nie?
- G15A** Statistiese bewyse (met deskundige kennis): Statistiese inligting oor 'n groot aantal gevalle wat deur 'n deskundige bron, anders as die skrywer, verskaf word.
Voorbeeld: Volgens die Landelike VIGS Vereniging het 57% van mense met MIV nie die moed om met hulle families oor hulle MIV-besmetting te praat nie.
- G15E** Is die statistiese bewyse, met inagneming van die waardes waarop daar 'n beroep gedoen word en die teikengroep wat bereik moet word, na u mening geskik? Waarom/waarom nie?
- G16A** Anekdotiese bewyse (nie persoonlik): Informasie wat 'n enkele gebeurtenis of situasie beskryf.
Voorbeeld: In Amerika is daar twee jaar gelede met VIGS-voorligting begin en sedertdien is daar al baie sukses behaal.
- G16E** Is die anekdotiese bewyse, met inagneming van die waardes waarop daar 'n beroep gedoen word en die teikengroep wat bereik moet word, na u mening geskik? Waarom/waarom nie?
- G17A** Anekdotiese bewyse (persoonlik): Inligting oor 'n spesifieke persoon ('n bekende persoon of die gewone man/vrou op straat - nie 'n deskundige nie)
Voorbeeld: Persoon X het VIGS. Sy het vyf jaar gelede besmet geraak met die MIV-virus. Gelukkig ondersteun haar vriendinne haar.
- G17E** Is die anekdotiese bewyse, met inagneming van die waardes waarop daar 'n beroep gedoen word en die teikengroep wat bereik moet word, na u mening geskik? Waarom/waarom nie?

- **Watter strategie word gebruik om die argumente te versterk? Progressie van *soft sell* na *hard sell*: G18, G19, G20, G21, G22. (Kies uit G18 tot G22)**

- G18A** Die boodskap speel net op die gevoelens.
- G18E** Is hierdie strategie na u mening toepaslik? Waarom/waarom nie?
- G19A** Die boodskap speel veral op die gevoelens.
- G19E** Is hierdie strategie na u mening toepaslik? Waarom/waarom nie?
- G20A** In die boodskap word op die gevoelens gespeel én argumente word gebruik.
- G20E** Is hierdie strategie na u mening toepaslik? Waarom/waarom nie?
- G21A** In die boodskap word hoofsaaklik van informasie en argumente gebruik gemaak.
- G21E** Is hierdie strategie na u mening toepaslik? Waarom/waarom nie?
- G22A** In die boodskap word uitsluitlik van informasie en argumente gebruik gemaak.
- G22E** Is hierdie strategie na u mening toepaslik? Waarom/waarom nie?

- **Vrees-appèlle**

- G23A** Bevat die teks enige vrees-appèlle?
Vrees-appèl: "a persuasive communication that tries to scare people into changing their attitudes by conjuring up negative consequences that will occur if they do not comply with the message recommendations" (Perloff 2001).

- G23E** Is die aanwending van die vreesappèl gepas?
Navorsing toon dat vrees-appèlle soms teenproduktief kan wees.
- **Indien daar na u mening wel 'n vrees-appèl(le) teenwoordig is, beantwoord G24 en G25. Indien nie, gaan na G26.**
- G24A** Bevat die teks een of meer dreigement-komponente (*threat components*)?
Threat components: negatiewe gevolge om mense bang te maak.
- G24E** Indien dit aanwesig is, is dit na u mening goed gebruik? Waarom/waarom nie?
 Indien dit nie aanwesig is nie, is dit na u mening 'n tekortkoming? Waarom/waarom nie?
- G25A** Bevat die teks een of meer voorstelle oor voorkomingsmaatreëls (*efficacy components*)?
Efficacy components: voorstelle van hoe om gevolge te voorkom.
- G25E** Indien aanwesig, is dit na u mening effektief gebruik? Waarom/waarom nie?
 Indien nie aanwesig nie, is dit na u mening 'n tekortkoming? Waarom/waarom nie?
Tegemoetkoming (akkommodasie) teenoor konfrontasie
Perloff (2001: 79) skryf as volg oor akkommodasie: "[W]hen designing HIV prevention messages, should you accommodate audience members, trying to understand their concerns and matching up your message to their needs? Or should you try to shake people up, make them uncomfortable and use the discomfort you arouse to propel them toward attitude change? Research on fear appeals suggests you should do a little of both."
- G26A** Word daar in die teks gefokus op lesers met 'n interne lokus van beheer (*internal locus of control*) of op lesers met 'n eksterne lokus van beheer (*external locus of control*)?
"Internal locus of control": Hierdie toestand geld wanneer 'n persoon glo dat hy of sy in staat is om sy of haar eie gesondheidstoestand te bepaal en aanvaar dan self verantwoordelikheid vir sy of haar gesondheidsvlak. Mense wat 'n interne lokus van beheer het, is van mening dat hulle hulle gesondheid kan beïnvloed en beheer deur hulle persoonlike gedrag.
"External locus of control": Hierdie toestand geld wanneer 'n persoon glo dat hy of sy geen beheer het oor sy of haar eie gesondheid nie. Mense wat 'n eksterne lokus van beheer het, is van mening dat hulle gesondheid afhang van eksterne faktore soos geluk, die noodlot, ander mense of onbeheerbare kragte buite hulleself. (Van Dyk 2001: 89-90)
- G26E** Is dit vir u duidelik op watter lokus van beheer daar gefokus word? Word dit na u mening suksesvol gedoen? Waarom/waarom nie?
- G27A** Op watter manier probeer die teks om gedrag te beïnvloed?
 Kies een of meer van die volgende moontlikhede (U kan ook geeneen van die moontlikhede kies nie.). Die teks kan naamlik gedrag beïnvloed:
- deur die wete te verwoord dat die spesifieke gedrag kan lei tot bepaalde resultate (spesifiseer hier watter gedrag en watter resultate)
 - deur die evaluering van hierdie resultate (spesifiseer hier watter resultate)
 - deur die wete te verwoord dat sekere ander persone van jou verwag om 'n sekere gedragspatroon te volg of te wysig (spesifiseer hier watter ander persone en watter gedragspatroon)
 - deur motivering aan te bied om 'n bepaalde gedragspatroon aan te pas by die opinies van ander persone (spesifiseer hier watter opinies en watter ander persone)
 - deur die bedoeling met die gedrag duidelik te verwoord (spesifiseer hier watter bedoeling)
 - deur 'n verwysing of sinspeling op die rol van die leser se eie toedoen/selfvermoë (spesifiseer hier hoe dit gaan gebeur)
 - deur die minimalisering van struikelblokke (spesifiseer hier watter struikelblokke en hoe dit sal gebeur)

Belangrik

1. *Self-vermoë (self-efficacy) is die vertroue wat iemand het dat hy of sy in staat is om sy eie wyse van optrede te bepaal. Persone met 'n hoë self-vermoë (self-efficacy) is meer gemotiveerd om nuwe situasies en nuwe gedrag te hanteer. Hulle is meer konsekwent in hulle poging om bepaalde doelwitte te bereik as mense met 'n lae self-vermoë (self-efficacy). Verskeie ondersoeke dui daarop dat lae self-vermoë saamgaan met hoë-risiko-gedrag in seksuele verhoudings en ook met 'n onwilligheid om hierdie gedrag te verander (Van Dyk 2001a: 87). Dit kan dus belangrik wees vir voorligters om die self-vermoë van individue te probeer verhoog.*

2. Die minimalisering van struikelblokke: Volgens Van Dyk (2001a: 88-89) kan die positiewe ingesteldheid, houding, subjektiewe norme en self-vermoë ten opsigte van 'n bepaalde gedragspatroon onderdruk word as 'n persoon sy of haar entoesiasme verloor om die bepaalde gedragspatroon te volg vanweë veronderstelde struikelblokke en probleme. Van Dyk noem 'n paar moontlike struikelblokke:

- Mense wat nie kondome gebruik indien dit vir hulle spanning veroorsaak om dit te begin gebruik en daarmee vol te hou nie.
- Die samelewing se onverdraagsaamheid teenoor sekere vorme van veilige seks kan dit vir mense moeilik maak om hulle gedrag te verander.
- 'n Seksmaat wat nie veilige seks as 'n prioriteit sien nie en dit selfs afkeur.
- 'n Gebrek aan goeie kommunikasievaardighede wat dikwels in die pad staan van veilige seks. Baie mense vind dit byvoorbeeld moeilik om met 'n maat oor kondome te praat.
- Mense weet soms nie hoe om te reageer as 'n maat weier om 'n kondoom te gebruik nie.
- Dit is moeilik vir mense om hulle gedrag te verander as daar geen alternatiewe gedrag voorgestel word nie.
- 'n Fatalistiese uitkyk op die lewe kan 'n verandering in seksuele gedrag verhinder. Byvoorbeeld: "Al word ek met MIV besmet, kan ek nog 'n lang lewe hê. Hier waar ek woon is dit egter so gevaarlik dat ek nooit weet of ek môre nog gaan lewe nie."
- Die gebruik van alkohol en dwelms staan dikwels in die pad van verantwoordelike besluitneming.
- Kondome is dalk nie geredelik beskikbaar nie.
- Kulturele norme en waardes kan teen die gebruik van kondome wees.

G27E Word daar na u mening op 'n effektiewe manier probeer om gedrag te beïnvloed? Waarom/waarom nie?

G28A Probeer die skrywer om die leser via die sentrale roete (*central route*) te beïnvloed en indien wel, hoe?

Met die sentrale roete is daar 'n sistematiese verwerking van gegewens; die leser is gemotiveerd en in staat om goed na te dink oor die boodskap. Indien die skrywer die sentrale roete gebruik, sal daar waarskynlik heelwat inhoudelike argumente wees omdat die skrywer verwag dat die leser die teks krities sal oorweeg.

G28E Indien u "ja" geantwoord het by **G28A**, is dit na u mening gepas dat die leser via die sentrale roete aangespreek word? Waarom/waarom nie?

Indien u "nee" geantwoord het by **G28A**, moes die leser na u mening eerder via die sentrale roete aangespreek gewees het? Waarom/waarom nie?

G29A Probeer die skrywer om die leser via die perifere roete te beïnvloed en indien wel, hoe?

Met die perifere roete is daar 'n oppervlakkige verwerking van gegewens; die leser ag nie die boodskap belangrik genoeg nie of is nie in staat om goed daaroor na te dink nie. As die skrywer die perifere roete gebruik, sal daar waarskynlik nie soveel inhoudelike argumente wees nie, maar sal hy of sy veral gebruik maak van algemene, vae stellings, emosies of humor. Voorbeeld van 'n algemene stelling: "Almal doen dit, daarom doen ek dit ook."

G29E Indien u "ja" geantwoord het by **G29A**, is dit na u mening korrek dat die leser via die perifere roete aangespreek word? Waarom/waarom nie?

Indien u "nee" geantwoord het by **G29A**, moes die leser na u mening eerder via die perifere roete aangespreek gewees het? Waarom/waarom nie?

G30A Vind u dat die taalgebruik aangepas is vir die teikengroep en indien wel, hoe?

G30E Is die taalgebruik na u mening voldoende aangepas vir die teikengroep? Waarom/waarom nie?

G31A Word daar ingespeel op die kognitiewe dissonansie en indien wel, hoe?

Voorbeeld: "Jy vind dit belangrik om gesond te bly; tog beoefen jy onveilige seks."

G31E Indien u "ja" geantwoord het by **G31A**, is dit na u mening op 'n effektiewe manier gedoen?

Word daar na u mening genoeg ingespeel op die kognitiewe dissonansie? Waarom/waarom nie?

Indien u "nee" geantwoord het by **G31A**, is dit na u mening 'n tekortkoming? Waarom/waarom nie?

Afdeling G in die vraelys het twee probleemareas wat aandag verdien. In die eerste plek veronderstel hierdie afdeling 'n gesofistikeerde kennis van argumentasie en aanverwante verskynsels wat nie altyd by evalueerders aanwesig sal wees nie, of wat die potensiële evalueerdergroep aansienlik verklein. Die kompleksiteit van die aangeleentheid word verder onderstreep deur die soms komplekse verduidelikings wat gegee moet word by 'n item. Sodoende word die algehele kompleksiteit van die skema verder verhoog. En selfs met die verduidelikings word die kompleksiteit van die betrokke verskynsels steeds 'n onreg aangedoen, soos o.a. blyk uit die ooreenvoerdigde hantering van die sg. *efficacy*-komponente, waar daar bv. nie behoorlik rekenskap gegee (kan) word van die onderverdeling in sg. *response efficacy* en *self-efficacy* (Witte 1992a, 1992b, 1994, 1998; Witte & Allen 1996) nie. Die suksesvolle hantering van hierdie komplekse konsepte en selfs die verdere uitbouing van die konsepte sal in opvolgondersoeke nagevors moet word. Dit is byvoorbeeld 'n ope vraag of die handleiding-komponente in die skema geïntegreerd aangebied moet word, soos hier, en of daar liefs 'n afsonderlike handleiding geskep sal moet word.

Verder sal daar rekening gehou moet word met die kulturele variasie binne die leserspubliek van 'n teks, want die sukses van sommige modelle van oordeel sal ongetwyfeld beïnvloed word deur die kulturele profiel van 'n bepaalde teikengroep. Daar word reeds binne die groter projek aan hierdie saak aandag gegee en daar sal later in meer besonderhede hieroor gerapporteer word.

4.9 Taalgebruik en styl

Verskillende teikengroepe moet op verskillende maniere aangespreek word. Die keuses wat die skrywer maak rakende styl en formulering kan naamlik besonder belangrik wees vir die sukses van die teks. Die vraag is in die eerste plek of die styl- en formuleringkeuses *kommunikatief doelmatig* is, maar hierdie keuses deur die skrywer het ook te make met *waardering*, d.w.s. die mate waarin die styl die leser aanspreek.

In navolging van Steehouder et al. (1999) word daar in hierdie afdeling van die evalueeringsinstrument uitgegaan van bepaalde styldimensies, nl. moeilikheidsgraad, eksaktheid, inligtingsdigtheid, lewendigheid en afstandelikheid (formaliteitsgraad).

- **Hoe moeilik is die teks?**

- H1A** Watter moeilike woorde kom voor wat vir die teikengroep begripsprobleme kan oplewer?
Moeilike woorde is byvoorbeeld lang woorde, leenwoorde, en onverklaarde afkortings en akronieme.
- H1E** Verhinder hierdie moeilike woorde na u mening dat die teks goed verstaan word?
Waarom/waarom nie? (Beantwoord slegs indien u by **H1A** te kenne gegee het dat daar wel moeilike woorde voorkom.)
- H2A** Watter moeilike sinne kom voor?

Moeilike sinne is byvoorbeeld lang en ingewikkelde sinne met baie bysinne, en tussensinne met daarbinne ook weer onderbrekings.

- H2E** Verhinder hierdie moeilike sinne na u mening dat die teks goed verstaan word?
Waarom/waarom nie?
(Beantwoord slegs indien u by **H2A** te kenne gegee het dat daar wel moeilike sinne voorkom.)
- H3A** Is daar sinne met lang aanlope en indien wel, watter sinne?
Hier word verwys na sinne wat met 'n aantal oorbodige woorde begin wat geen bykomende inligting oordra nie.
- H3E** Lei hierdie sinne daartoe dat die teks moeilik verstaanbaar is? Waarom/waarom nie?
(Hierdie vraag hoef net beantwoord te word indien u by H5A aangetoon het dat daar wel sinne met 'n lang aanloop in die teks voorkom.)
- H4A** Kom daar voorsetsel-uitdrukkings voor en indien wel, watter?
Voorbeelde van voorsetsel-uitdrukkings is onder andere met betrekking tot, in teenstelling met, en ten aansien van. Hierdie voorsetsel-uitdrukkings kan die teks baie omslagtig maak.
- H4E** Lei hierdie voorsetsel-uitdrukkings daartoe dat die teks moeilik verstaanbaar is?
Waarom/waarom nie?
Hierdie vraag hoef u slegs te beantwoord indien u by **H4A** aangetoon het dat daar wel voorsetsel-uitdrukkings in die teks voorkom.
- H5A** Watter naamwoordkonstruksies kom voor?
'n Naamwoordkonstruksie is 'n afgeleide selfstandige naamwoord wat in plaas van 'n werkwoord gebruik word, byvoorbeeld die toepassing van in plaas van toepas.
- H5E** Lei hierdie naamwoordkonstruksie daartoe dat die teks moeilik verstaanbaar is?
Waarom/waarom nie?
Hierdie vraag hoef u slegs te beantwoord indien u by **H5A** aangetoon het dat daar wel naamwoordkonstruksie in die teks voorkom.
- H6A** Watter tangkonstruksies kom in die teks voor?
'n Tangkonstruksie ontstaan as woorde wat bymekaar hoort ver van mekaar af staan, byvoorbeeld Die onderskeie partye het na maande se onderhandelinge in stede reg oor die wêreld waarin hulle verskeie kere naby aan 'n oplossing gekom het uiteindelik saamgestem.
- H6E** Lei hierdie tangkonstruksie daartoe dat die teks moeilik verstaanbaar is?
*Hierdie vraag hoef u slegs te beantwoord indien u by **H6A** aangetoon het dat daar wel tangkonstruksies in die teks voorkom.*

• **Hoe presies is die teks?**

- H7A** Word daar in die teks terminologie gebruik wat vaag is?
Daar bestaan verskeie woorde waaraan verskillende betekenisse geheg kan word, byvoorbeeld groot, klein, baie, en min. Hierdie woorde het 'n relatiewe betekenis.
- H7E** Veroorsaak hierdie vaagheid na u mening probleme? Waarom/waarom nie?
Hierdie vraag hoef u slegs te beantwoord indien u by **H7A** aangedui het dat daar wel vae terme gebruik word.
- H8A** Is die verwysings in die teks dubbelsinnig of vaag?
Verwysings is problematies as dit onduidelik is na wat of na wie verwys word.)
- H8E** Is die verwysings in die teks na u mening te dubbelsinnig of te vaag? Waarom/waarom nie?
- H9A** Is die sinjaalwoorde en -uitdrukkings in die teks dubbelsinnig of vaag?
- H9E** Is die sinjaalwoorde en -uitdrukkings na u mening té dubbelsinnig of té vaag? Waarom/waarom nie?
- H10A** Is daar gevalle waar dit nie duidelik is op watter woord of deel van 'n sin 'n bepaalde woord of uitdrukking presies betrekking het nie?
- H10E** Is daar te veel gevalle waar dit nie duidelik is waarna spesifieke woorde en gedeeltes verwys nie? Waarom/waarom nie?
- H11A** Word dieselfde terme konsekwent vir sekere begrippe gebruik of is daar 'n afwisseling van terme?
- H11E** Is daar na u mening 'n goeie balans tussen afwisseling en konsekwentheid in die gebruik van terme? Waarom/waarom nie?

• **Hoe omslagtig of hoe bondig is die teks?**

- H12A** Word daar baie of min van parafrases gebruik gemaak?
In parafrases word dieselfde feite net in ander woorde herhaal.

- H12E** Is die balans in die gebruik, al dan nie, van parafrases na u mening goed? Waarom?
- H13A** Kom daar sinne met 'n lang aanloop voor en indien wel, watter sinne?
Die lang aanloop vooraf dra niks by tot die inligting in die hoofsin nie.
- H13E** Is daar na u mening te veel van hierdie tipe sinne? Waarom/waarom nie?
(Sien ook H3. Sinne met 'n lang aanloop kan 'n teks moeilik leesbaar en omslagtig maak.)
- H14A** Kom daar stoplappe in die teks voor en indien wel, watter stoplappe?
'n Voorbeeld van stoplappe is dit is in hierdie verband interessant om daarop te let. Hierdie woorde voeg geen addisionele inligting tot die teks by nie.
- H14E** Word daar na u mening te veel van stoplappe gebruik gemaak? Waarom/waarom nie?
- H15A** Kom daar voorsetsel-uitdrukings in die teks voor en indien wel, watter?
Voorbeelde hiervan is met betrekking tot, in teenstelling met, en ten aansien van. Voorsetseluitdrukings kan 'n teks omslagtig maak.
- H15E** Is daar na u mening te veel voorsetsel-uitdrukings in die teks? Waarom/waarom nie?
(Sien ook H4. Voorsetseluitdrukings kan 'n teks moeilik leesbaar en omslagtig maak.)

• **Hoe lewendig is die teks?**

- H16A** Word die verskillende sinstipes min of baie afgewissel?
Voorbeelde van sinstipes sluit in gewone mededelings, bevelsinne, uitroepe, direkte rede, en ellipse. In die direkte rede word ander persone se woorde letterlik aangehaal. 'n Ellips is 'n onvolledige sin, byvoorbeeld En dit is nie al nie.
- H16E** Is daar na u mening voldoende afwisseling in die sinstipes in die teks? Waarom/waarom nie?
- H17A** Word die volgorde van sinsdele min of baie afgewissel?
(Die standaardvolgorde is onderwerp – (spil)werkwoord (die werkwoord in die tweede posisie van die sin) – res van sin.)
- H17E** Word die volgorde van sinsdele na u mening genoeg afgewissel? Waarom/waarom nie?
- H18A** Is daar baie of min afwisseling in woordkeuse?
- H18E** Is daar na u mening voldoende afwisseling in woordkeuse? Waarom/waarom nie?
- H19A** Kom voorsetsels afsonderlik of in kettings voor?
('n Voorsetselketting is 'n opeenvolging van voorsetsels in een sin, byvoorbeeld Ons het kennis geneem van u besorgdheid oor die stand van sake in die mark vir verbode middels in die suide van die land.)
- H19E** Indien daar voorsetselkettings voorkom, is dit na u mening 'n probleem? Waarom/waarom nie?
- H20A** Kom daar min of baie vergelykings of beeldspraak voor?
(Voorwaardes vir goeie beeldspraak is oorspronklikheid, toepaslikheid, en matigheid.)
- H20E** Indien daar beeldspraak en vergelykings voorkom, is dit na u mening gepas? Waarom/waarom nie?
- H21A** Is die beskrywings in die teks abstrak of konkreet?
(Die konkretisering van 'n teks verwys na die gebruik van werkwoorde wat 'n aksie aandui en nie 'n toestand nie. Die beskrywing van 'n toestand of die gebruik van voorbeelde maak 'n teks meer abstrak.)
- H21E** Is daar na u mening voldoende konkretisering in die teks? Waarom/waarom nie?

• **Hoe mensgerig is die teks?**

- H22A** Word daar ouderwetse woorde of sinne in die teks gebruik?
Voorbeelde van ouderwetse konstruksies is te geleger tyd en des te meer.)
- H22E** Vind u die gebruik van ouderwetse woorde en sinne steurend? Waarom?
Hierdie vraag hoef u slegs te beantwoord indien u by **H22A** aangetoon het dat daar wel ouderwetse woorde en sinne in die teks voorkom.
- H23A** Word die leser in die teks direk of indirek aangespreek, of word beide aanspreekvorme gebruik?
- H23E** Is daar na u mening 'n goeie balans in die teks tussen direkte en indirekte aanspreking? Waarom?
- H24A** Hoe dikwels word die lydende vorm gebruik?
- H24E** Is dit vir u aanvaarbaar? Waarom/waarom nie?
- H25A** Hoe dikwels word bevelsinne in die teks gebruik?
- H25E** Is dit vir u aanvaarbaar? Waarom/waarom nie?
- H26A** Hoe dikwels word daar vrae in die teks gevra?
- H26E** Indien daar wel baie vrae in die teks voorkom, is dit vir u aanvaarbaar? Waarom/waarom nie?

- H27A** Word daar in die teks verwys na die skrywer?
H27E Is dit vir u aanvaarbaar? Waarom/waarom nie?
H28A Word daar in die teks na 'n derde persoon verwys, m.a.w, nié die skrywer of die leser nie?
H28E Is dit vir u aanvaarbaar? Waarom/waarom nie?
H29A Kom daar naamwoordkonstruksies in die teks voor? (Hierdie vraag is ook by **H5A** van toepassing.)
Naamwoordkonstruksies maak 'n teks moeiliker en skep afstand tussen die skrywer en die leser.
H29E Vind u dat die naamwoordkonstruksies afstand skep tussen die skrywer en die leser?
 Waarom/waarom nie?
 (Hierdie vraag hoef u slegs te beantwoord indien by **H29A** aangetoon het dat daar wel naamwoordkonstruksies in die teks voorkom.)
H30A Word daar in die teks verwys na 'n inklusiewe *ons* of 'n eksklusiewe *ons*?
H30E Is dit vir u aanvaarbaar? Waarom/waarom nie?

4.10 Teks en beeld

Die evaluering van nie-verbale materiaal in tekste is besonder gekompliseerd, want nie alleen gaan dit om die evaluering van die nie-verbale materiaal op sigself nie, maar ook om die evaluering van die interaksie tussen die verbale en die nie-verbale elemente in die teks.

Wanneer dit gaan om so 'n kontroversiële onderwerp soos VIGS, word dit selfs nog kompleks, want net soos by die ander teksontwerpaspekte begin dinge soos kultuur, waardes, houdings, gebruike en kennis 'n steeds sterker rol speel en word die aanwending van die nie-verbale elemente nog kompleks. 'n Voorbeeld laat dit al duidelik sien: Vir sommige groepe sal die eksplisiete uitbeelding van 'n manlike geslagsorgaan in 'n teks oor kondoomgebruik aanstoot gee, terwyl ander groepe dit weer as heeltemal normaal en selfs informatief sal beskou.

Na 'n eerste analise van Suid-Afrikaanse en Nederlandse VIGS-tekste is vrae I1 tot en met I13 geformuleer om die mees algemene probleme met beeldmateriaal bloot te lê. Hierdie vrae het veral te make met die onderlinge verhouding tussen teks en beeld, met die klem op die hoeveelheid teks en hoeveelheid beeld.

Die beeldmateriaal kan verskillende funksies hê wat vir die leser sonder meer duidelik is of nie. Hoewel skrywers soos Pettersson (1998) 'n groot hoeveelheid funksies identifiseer, probeer ons dit reduseer tot agt basisfunksies, soos aangedui in vrae I19 tot en met I26. Die evalueringvraag by elkeen van hierdie vraagpare probeer die evalueerder se aandag fokus op moontlike probleme wat rondom hierdie funksies kan ontstaan. So byvoorbeeld kan 'n afbeelding wat die funksie het om aandag te trek juis die aandag aflei van die belangrike boodskap wat in die verbale gedeelte van die teks oorgedra word. Of 'n afbeelding met 'n instruerende funksie kan te min inligting bevat om die instruksie suksesvol uit te voer.

Vrae I27 tot en met I31 handel oor die interaksie tussen teks en beeld en is gebaseer op die interaksietipes van Schriver (1997). Ook by hierdie interaksietipes kan verskillende probleme opduik en die evalueringvraag van elke vraagpaar probeer

die evalueerder stimuleer om hierdie probleme te ontdek. Een probleem hier was om nie te veel te lei met die formulering van die vrae nie. Die gevaar dan weer is dat die vrae 'n te algemene karakter kry.

Die laaste groep vrae (tot en met I37) fokus die aandag op die kombinasies van beeldmateriaal. Teksonwerpers fouteer soms deur hulle skuldig te maak aan 'n ongemotiveerde variasie van tipes en style. Sulke kontraste kan negatief ervaar word en dus teenproduktief wees.

- I1E Is die betekenis van die grafika na u mening duidelik? Waarom/waarom nie?
- I2E Is die grafika wat gebruik word na u mening relevant vir die inhoud van die teks? Indien nie, is dit 'n tekortkoming? Waarom/waarom nie?
- I3E Dra die grafika by tot die oordedingskrag van die teks? Indien nie, is dit 'n tekortkoming? Indien wel, word die grafika reg gebruik? Waarom/waarom nie?
- I4E Is die grafika geskik vir die teikengroep? Is daar rekening gehou met hulle oortuigings en waardes? Waarom/waarom nie?
(Kyk weer na wat u by **B** en **E** ingevul het.)
- I5E Is die grafika goed, of te implisiet/vaag, of te eksplisiet. Waarom?
- I6E Indien die grafika byskrifte het, is hierdie byskrifte duidelik? Waarom/waarom nie?
- I7E Is die tegniese kwaliteit van die grafika voldoende?
- I8E Watter afstand is daar in die teks self tussen die grafika en die gedeelte waarop dit betrekking het? Is hierdie afstand reg of is dit te ver? Waarom?
- I9E Is die posisionering van die grafika goed? Waarom/waarom nie?
(Afgesien daarvan of die grafika ver van die teksgedeelte is waarop dit betrekking het soos gevra in **I8E**, kan grafika strategies geplaas word om meer opvallend te wees.)
- I10E Word daar van humoristies grafika gebruik gemaak? Is dit na u mening geslaagd? Waarom/waarom nie?
- I11E Is die grafika na u mening meer lighartig of meer ernstig? Waarom? Pas dit in by die stemming van die teks of is dit in kontras daarmee? Is dit geslaagd?
- I12E Is die grafika na u mening saaklik van aard of speel dit in op die emosies van die leser? Waarom? Stem dit ooreen met die res van die teks of is dit juis in kontras daarmee? Is dit geslaagd?
- I13A Watter tipes grafika word gebruik?
Tipes grafika: foto's, sketse, diagramme, logos, tabelle.
- I13E Indien daar wel verskillende tipes grafika gebruik word, is dit geslaagd? Waarom/ waarom nie? Indien slegs van een tipe grafika gebruik gemaak word, is dit geslaagd? Waarom/waarom nie?

Is die klem op die geskrewe teks of op die grafika? (Kies hier een uit I14 tot I18) Progressie van teks na grafika: I14 I15 I16 I17 I18

- I14A Teks(brosjyre) bestaan byna volledig uit geskrewe teks.
- I14E Is die verhouding tussen teks en grafika na u mening korrek? Waarom/waarom nie?
- I15A Daar is wel grafika maar die geskrewe teks oorheers.
- I15E Is die verhouding tussen teks en grafika na u mening korrek? Waarom/waarom nie?
- I16A Daar is ewe veel geskrewe teks en grafika.
- I16E Is die verhouding tussen teks en grafika na u mening korrek? Waarom/waarom nie?
- I17A Daar is wel geskrewe teks, maar die grafika oorheers
- I17E Is die verhouding tussen teks en grafika korrek? Waarom/waarom nie?
- I18A Teks as geheel bestaan byna volledig uit grafika.
- I18E Is die verhouding tussen teks en grafika na u mening korrek? Waarom/waarom nie?

Watter funksie(s) het die grafika? (Geen, of kies een of meer uit I19 tot I26)

- I19A Trek aandag (Dit is die algemene doel van grafika-elemente om aandag te trek; hier is die vraag egter of dit die enigste funksie van die spesifieke grafika-element(e) is.)
- I19E Is dit na u mening effektief? Het die aandagtrekfunksie hier positiewe gevolge of lei dit eerder daartoe dat die aandag afgetrek word van dit wat belangrik is? Waarom/waarom nie?

- I20A** Instruktief (Die grafika gee 'n antwoord op die vraag **hoe** iets gedoen moet word, byvoorbeeld in 'n reeks prentjies word gewys hoe om 'n kondoom aan te sit.)
- I20E** Is dit na u mening effektief? Is dit instruktief genoeg en gee dit genoeg inligting? Waarom/waarom nie?
- I21A** Motiverend (Die grafika roep die leser op tot aksie.)
- I21E** Is dit na u mening effektief? Is die grafikabeeld motiverend genoeg? Is die grafika voldoende motiverend ten opsigte van die saak waaroor dit eintlik gaan of motiveer dit eerder die leser om iets anders te doen? Waarom/waarom nie?
- I22A** Oortuigend (Die grafika probeer die leser van iets oortuig.)
- I22E** Is dit na u mening effektief? Is dit oortuigend genoeg? Waarom/waarom nie?
- I23A** Affektief (Die grafika speel in op die gevoelens van die leser.)
- I23E** Is dit na u mening effektief? Speel dit voldoende in op die gevoelens van die leser? Waarom/waarom nie?
- I24A** Verklarend (Die grafika verduidelik hoe iets is en waarom dit so is.)
- I24E** Is dit na u mening effektief? Is die grafika voldoende om 'n spesifieke saak te verduidelik? Verduidelik die grafika die handeling/situasie waaroor dit eintlik gaan voldoende, of verklaar dit eintlik iets anders? Waarom/waarom nie?
- I25A** Simbolies (Die grafika is 'n nie-letterlike, metaforiese weergawe van die teks, byvoorbeeld die tekens ♀ en ♂ om vroulik en manlik aan te dui.)
- I25E** Is dit na u mening effektief? Is die simboliese betekenis vir u duidelik? Waarom/waarom nie?
- I26A** Dekoratief (Die grafika het niks of nie veel met die teks te make nie, byvoorbeeld 'n brosjure wat oor komdoomgebruik gaan, het prentjies van mense se gesigte op.)
- I26E** Lewer dit na u mening 'n bydrae tot die teks of is dit na u mening oorbodig en verwarrend? Waarom?

Watter interaksies kom daar tussen teks en grafika voor? (Geen, of kies een of meer uit I27 tot I31.)

- I27A** Oorbodig (*redundant*) (Die grafika herhaal min of meer die teks, of andersom.)
"Research shows that people's comprehension may be improved if key points are presented in words and pictures, allowing readers to acquire new information both visually and verbally. . ."
 (Schraver 1997)
- I27E** Is die aanwesigheid van sowel teks as beeld na u mening verrykend, of is een van die twee oorbodig? Waarom?
- I28A** Komplementêr (Die grafika en teks vul mekaar aan. Die teks en grafika saam het meer betekenis as die teks alleen of die grafika alleen.)
"Words and pictures that complement one another employ different visual and verbal content, and both modes are designed to work together in order to help the reader understand the main idea." (Schraver 1997)
- I28E** Is hierdie komplementêre werking van teks en grafika na u mening effektief? Is die verband tussen teks en grafika vir u duidelik? Waarom/waarom nie?
- I29A** Supplementêr (Óf die teks óf die grafika is dominant. Die een lewer die belangrikste idees of gee die meeste van die inhoud terwyl die ander 'n meer ondersteunende funksie vervul. Voorbeelde gee gewoonlik supplementêre inligting.)
"When the reader may have trouble imagining what is intended, supplementary prose or pictures often help to clarify and expand how the reader construes the main ideas." (Schraver 1997)
- I29E** Is hierdie supplementêre verhouding effektief? Is die verhouding van waarde of is dit juis niksseggend? Waarom/waarom nie?
- I30A** Jukstaposisioneel (*" . . . the main idea is created by a clash, an unexpected synthesis, or a tension between what is represented in each mode. With juxtapositional relationships, the reader cannot infer the intended unless both prose and graphics are present simultaneously. [...] When they are done well, juxtapositional relationships have a way of surprising the reader."*) (Schraver 1997)
- I30E** Dink u dat hierdie onverwagte botsing van idees (*clash*) effektief is? Is dit vir u duidelik, en begryp u die betekenis daarvan? Waarom/waarom nie?
- I31A** Voorbereiding (*stage-setting*) (Óf die teks óf die grafika voorspel as 't ware wat gaan gebeur. Hierdie sogenaamde *stage-setting* kom gewoonlik aan die begin van 'n hoofstuk voor. By die titel is daar 'n illustrasie wat die leser 'n idee gee van die inhoud van die hoofstuk.)

"[...] one mode provides a context for the other mode by forecasting its content or soon-to-be presented themes. A stage-setting text or graphic may enhance what follows it by providing a contextual framework in which the verbal context can be understood." (Schraver 1997)

- I31E** Is hierdie voorspelling vir u effektief? Is dit vir u duidelik en begryp u waarom dit gaan? Waarom/waarom nie?

Watter kombinasies van grafika-elemente word gebruik? (Beantwoord net vrae I32 tot I37 indien daar wel meer as een grafika-element aanwesig is.)

- I32E** Is die kombinasie van grafika-elemente wat gebruik word na u mening korrek? Waarom/waarom nie?
- I33A** Het die verskillende grafika-elemente verskillende betekenisse?
- I33E** Indien wel, sien u dit as 'n probleem? Indien nie, is dit korrek so? Waarom/waarom nie?
- I34A** Het die verskillende grafika-elemente verskillende funksies?
- I34E** Indien wel, sien u dit as 'n probleem? Indien nie, is dit korrek so? Waarom/ waarom nie?
- I35A** Is die grafika in verskillende style?
- I35E** Indien wel, sien u dit as 'n probleem? Indien nie, is dit korrek so? Waarom/waarom nie?
- I36A** Word verskillende grafika-tipes gebruik?
- I36E** Indien wel, sien u dit as 'n probleem? Indien nie, is dit korrek so? Waarom/ nie?
- I37A** Is die grafika in swart-en-wit of in kleur, of word dit afgewissel?
- I37E** Indien dit 'n kombinasie is, sien u dit as 'n probleem? Waarom/waarom nie? Indien die grafika-elemente òf in swart-en-wit, òf in kleur is, is dit korrek so? Waarom/waarom nie?

4.11 Uitleg

"Eerste indrukke tel." Dit is 'n aksioma wat sekerlik ook vir tekste geld. Die vraag is dus op welke wyse, indien wel, die uitleg en uiterlike versorging van 'n teks die doelwitte van die teks dien. Selfs belangriker nog: Hierdie eerste indrukke kan dikwels die stimulus verskaf wat daartoe lei dat 'n teks wel of nie gelees word nie. Die vrae in hierdie afdeling is geformuleer op basis van 'n grondige analise van 'n aantal Suid-Afrikaanse VIGS-tekste.

- J1A** Is die brosjure in kleur?
- J2A** Indien in kleur, watter kleure?
- J2E** Dink u dat die kleure die brosjure aantrekliker laat vertoon? Waarom/waarom nie?
- J3A** Wat is die omvang van die brosjure? (Meld hier hoeveel bladsye en in watter formaat.)
- J4A** Hoe is die brosjure gevou?
- J4E** Dink u dat die brosjure op 'n logiese manier gevou is?
- J5A** Is die titels en opskrifte vetgedruk?
- J5E** Indien wel, is dit korrek so? Indien nie, is dit vir u 'n tekortkoming?
- J6E** Word die paragrawe duidelik van mekaar onderskei deur 'n inspringing of 'n oop reël?
- J7E** Word daar voldoende ruimte aan die kante ooggelaat?
- J8E** Is die afstand tussen die reëls voldoende?
- J9E** Is die lettertipe duidelik leesbaar?
- J10E** Is die lettertipe groot genoeg?
- J11E** Word 'n gepaste lettertipe gebruik? Waarom/waarom nie?
- J12A** Is die lettertipe dwardeur die teks dieselfde?
- J12E** Is dit korrek so?
- J13E** Vertoon die brosjure in die geheel goed?

5. Evaluering van die evalueringkema

Die vraag wat in hierdie stadium aandag verdien is: Wat is die waarde van evalueringkemas van hierdie aard, en sekerlik van hierdie evalueringkema in die

besonder? Oor die evaluering van die skema sal in 'n opvolgartikel volledig verslag gedoen word. In 'n voorondersoek na die effektiwiteit van die skema het ons egter reeds bepaalde aanduidings gekry na die toepassing van die volgende strategieë:

- Eie evaluering deur toetsing van die skema op VIGS-tekste
- Evaluering aan die hand van die model van De Jong en Schellens (1995)
- Evaluering deur toepassing deur 'n groep onafhanklike evalueerders wat almal opleiding in teksanalise gehad het (nagraadse studente en medewerkers)

Oor elkeen van hierdie aktiwiteite word kortliks verslag gedoen, maar met die duidelike veronderstelling dat wat hier aangebied word 'n uiters voorlopige karakter het.

5.1 Eie evaluering

In verskillende fases van die ontwikkeling van die huidige skema is onderdele van die skema toegepas op tekste ten einde te bepaal of die betrokke onderdeel wel sinvol aangewend kan word in die evalueringsproses. Op hierdie manier is verskillende probleme en gebreke ontdek, waarvan sommige opgelos kon word en ander nie.

Enkele opmerkings demonstreer die waarde van hierdie vroegste fase van toetsing:

1. Dit blyk al gou dat dit nie altyd so maklik is om antwoorde te verskaf op afdelings A en B nie. Die bron kan dikwels nie uit die teks self afgelei word nie, en dit is ook nie altyd duidelik aan watter teikengroep die teks gerig is nie. Antwoorde op hierdie vrae kan dus in talle gevalle eers verskaf word na verdere ondersoek ter plaatse.
2. By afdeling C blyk, soos verwag kon word, dat tekste bitter selde indien ooit 'n enkele doelwit het. Tog word die betrokke vrae behou omdat dit belangrik is om te bepaal watter van die doelwitte die hoofdoelwit is, veral omdat dit 'n beduidende uitwerking kan hê op die verdere ontwerp van die teks.
3. Dit was juis in hierdie vroeë toetsingsfase van die skema dat ontdek is in welke mate ideologiese ingesteldheid tog 'n uitwerking kan hê op 'n teks se ontwerp. Dit het gelei tot die toevoeging van vrae F2 en F3.
4. Afdeling G (oorredingsmeganismes) is 'n moeilike afdeling om toe te pas. Die afdeling verwys na heel komplekse begrippe en dit duur ook lank om die afdeling toe te pas op 'n enkele teks. Dit is dikwels heel moeilik om die verskillende argumentonderdele in 'n teks raak te sien, en die verwagting is dat hierdie afdeling vir evalueerders sonder behoorlike opleiding in argumentasieleer heelwat probleme sal oplewer.
5. Die afdelings oor struktuur en styl (afdelings E en H) word veel makliker toegepas. In die vroeë toetsingsfase is daar wel enkele aanpassings gemaak op grond van die resultate van toepassing op tekste. Op hierdie manier is die

volgorde van vrae meer logies gemaak en is daar ook besluit om sommige vrae op meer as een plek aan te bied (soos die vraag oor die gebruik van lang aanlope wat onder moeilikheidsgraad en wydlopigheid aangebied word).

6. Afdeling I (teks en beeld) is die meeste aangepas op grond van die eerste toetsing daarvan. Aanvanklik is die funksie van die beeldmateriaal byvoorbeeld gekoppel aan die tipe interaksie tussen teks en beeld. 'n Grafiese element kon byvoorbeeld redundant-verklarend, redundant-instruerend, ens. wees. Dit blyk egter gou dat dit heel moeilik is om die vrae te beantwoord, veral omdat die onderskeid heel dikwels te subtiel of te onduidelik is. Daarom is die funksies en die interaksietipes in die nuutste weergawe van mekaar geskei in verskillende vrae.
7. Reeds tydens die eerste toetsingsfase blyk dat die skema wel 'n evalueerder lei om potensiële probleme in 'n teks te ontdek.
8. Dit bly egter 'n problematiese tipe toetsing van so 'n teksevalueringskema, veral omdat die ontwikkelaars van so 'n skema geen afstand van die produk het nie en dit dus makliker toepas omdat hulle gewoon die beste begrip het van wat met die skema bedoel word. Toetsing met ander onbetrokke evalueerders is dus noodsaaklik.

5.2 Kriteria van De Jong en Schellens

Vir die toetsing van die evalueringsskema kan verskillende kriteria vooraf aangelê word. 'n Voorbeeld van so 'n model van kriteria, is dié van De Jong & Schellens, (1995:70-75), 'n model wat ons ingespan het om 'n verdere oordeel oor die evalueringsskema te ontwikkel in ons eerste toetsingsfase. De Jong en Schellens gebruik in hierdie model toepasbaarheid, verstaanbaarheid, betroubaarheid en uitvoerbaarheid as kriteria vir die waardering van so 'n instrument.

5.2.1 Toepasbaarheid

Soos De Jong & Schellens tereg aandui, kan evalueringsskemas dikwels op enige teks van toepassing gemaak word – hulle is dus hoogs toepasbaar. Natuurlik sal die kundigheid wat ontwerpers van hierdie evalueringsskemas het, oor tekste in die algemeen en sekerlik ook oor besondere tekste of teksgenres, 'n uitwerking hê op die toepasbaarheid van die skema. Ons weet naamlik in hierdie stadium van sekere teksontwerpaspekte (in die algemeen of met betrekking tot besondere teksgenres) baie, maar van ander weer, weet ons minder en dit kan 'n negatiewe uitwerking hê op die toepasbaarheid van die skema.

In hierdie besondere geval word die toepasbaarheid van die skema beïnvloed veral deur die feit dat dit van toepassing is veral op *oorredende tekste* wat oor VIGS handel. In die skema word byvoorbeeld nie rekening gehou met die feit dat talle VIGS-tekste opvallende instruksiewe komponente het nie en dit maak die skema minder toepasbaar

en toepaslik in sulke gevalle. Die instruktiewe karakter van talle VIGS-tekste sal in die huidige evalueringsskema verreken moet word deur die toevoeging van 'n toepaslike afdeling.

Ten spyte van die feit dat die skema vir die toetsing van VIGS-tekste bedoel is, is die oorgrote meerderheid van die afdelings sonder meer bruikbaar ook vir tekste wat oor ander onderwerpe handel. Dit verhoog die toepasbaarheid van die skema aanmerklik.

5.2.2 Verstaanbaarheid

Evalueringsskemas word ontwerp om (liefs) deur verskillende evalueerders gebruik te word. Nie alle evalueerders het dieselfde kundigheidsvlak nie en daarom kan dele van die skema vir sommige evalueerders minder verstaanbaar wees as vir ander. In die evalueringsskema wat hier bespreek is, is afdelings soos E, F en G goeie voorbeelde. Byvoorbeeld: 'n Beoordeling van verskillende oorredingsmeganismes veronderstel 'n sekere vlak van kundigheid wat teksontwerpers en teksevalueerders in Suid-Afrika nie altyd het nie.

Ook die vakterminologie kan die toeganklikheid van die skema versteur. In hierdie evalueringsskema word vakterme gebruik soos *aanloop*, *lydende vorm*, *naamwoordkonstruksie*, *sinjaalwoord* en *tangkonstruksie* en dit is nie vanselfsprekend dat professionele teksontwerpers hierdie terminologie ken nie. Trouens, die evalueringsskema wat hier aangebied word, laat die indruk dat dit slegs in die hande van vakkundiges met 'n sterk tekswetenskaplike agtergrond behoorlik bruikbaar sal wees. Dit mag daartoe lei dat die evalueringsskema uitgebrei moet word met veel meer verklarende aantekeninge as wat reeds aangebied word, wat weer sal lei tot 'n verdere probleem: die groeiende lengte van die skema.

5.2.3 Betroubaarheid

Betroubaarheid ten opsigte van 'n evalueringsskema van hierdie aard is sekerlik een van die moeilikste kriteria om aan te lê. Die vraag is naamlik waaraan hierdie betroubaarheid gemeet kan word? Een moontlikheid is om betroubaarheid te meet aan die konstantheid van oordele deur meer as een evalueerder: As die instrument by 'n groot aantal evalueerders dieselfde oordele tot gevolg het, kan die betroubaarheid daarvan hoog geag word. Wat dit betref, verwag ons 'n variasie van resultate, soos reeds blyk uit die eerste toetsing van die instrument deur 'n aantal kundiges.

Ten opsigte van sommige soorte teksprobleme (veral die meer lokale probleme, soos sinstruktuur, spelling en punktuasie) is daar 'n hoër graad van konstantheid in die oordele, maar oor ander teksaspekte (soos die kwaliteit van argumente, die sinvolle hantering van waarde-oordele, die hoeveelheid en ordening van inligting) kan beoordelaars soms behoorlik van mekaar verskil. Juis kulturele en ander verskille

(byvoorbeeld verskille in kennisbasis) tussen evalueerders kan lei tot verskillende oordele oor 'n teks se kwaliteit.

Die Eenheid vir Dokumentontwerp is tans besig om hierdie aspek van die evalueringsskema se geldigheid te toets en sal in die opvolgartikel daaroor rapporteer.

5.2.4 Uitvoerbaarheid

Die uitvoerbaarheid van so 'n evalueringsskema hou verband met die ander kriteria, veral toepasbaarheid en verstaanbaarheid. Hoe verstaanbaarder die skema is, hoe meer uitvoerbaar word dit. Uitvoerbaarheid is egter ook afhanklik van veranderlikes soos die tydsduur van toepassing.

Met 'n uitgebreide, komplekse evalueringsskema soos hierdie moet daar altyd 'n eerste groot belegging gemaak word: dit neem tyd, spesialiste moet genader word, en moet touwys gemaak word in die gebruik daarvan, om maar enkele aspekte te noem. In die onderhawige geval is omvang sonder twyfel 'n probleem. 'n Behoorlike belegging in tyd moet gemaak word, veral as meer as een teks geëvalueer moet word. Tog neem dit selfs in die slegste gevalle minder tyd in beslag as die meeste ander, veral lesergerigte, metodes van toetsing.

5.3 Evaluering deur onafhanklike gebruikers

As deel van die eerste fase van beoordeling van die evalueringsskema het ons vyf medewerkers gevra om die instrument te gebruik in die evaluering van 'n teks en 'n kort verslag te skryf van hulle ervaring daarmee. Al vyf die medewerkers was mense met opleiding in teksanalise en tekskwaliteitsondersoek tot op minstens derdejaarsvlak. Van die belangrikste oordele word hier kortliks opgesom:

- **Verhouding tussen analise en evaluering.** Evalueringsskemas van hierdie aard is vir 'n groot deel eintlik analiseskemas. Die vraag ontstaan dan heel gepas na die oorbrugging van analise na evaluering en die mate waarin hierdie oorbrugging in die evalueringsskema sigbaar gemaak moet word. In die betrokke evalueringsskema weeg die analisegedeelte baie swaar, wat heel gepas is, want die analise gaan aan die evaluering vooraf. Maar dan nog bly die vraag of daar voldoende evalueringsvrae in die skema ingebou word wat die evalueerder sal lei tot 'n gepaste en veral geldige evaluering van die betrokke teks.
- **Lengte/omvang van die skema.** Die evalueringsskema is baie lank. Al die ondersoekers dui aan dat dit lank duur om deur te werk, selfs net vir 'n enkele teks, wat nog te sê as daar meer tekste geëvalueer moet word (reaksies soos "Uit ondervinding kan ek sê dat 'n mens later skoon moedeloos raak"). Dit is 'n wesenlike gevaar, en die instrument verloor sy waarde as 'n gebruiker voel dit "vat te lank" of dit is "te veel moeite" om by 'n antwoord uit te kom.

- **Inhoud van die skema (volledigheid).** Die skema is, juis te danke aan die omvang en lengte, baie volledig. Die proefondersoekers was dit eens dat dit byna alle aspekte van teksontwerp onder die aandag bring. Daar is wel, na die oordeel van sommige, voorbeelde van hinderlike herhalings wat uitgehaal kan word.
- **Aanduiding van resultate.** 'n Evalueeringskema of evalueeringsinstrument moet resultate oplewer van die evaluering. Die vraag hier is hoe die resultate wat hierdie evalueeringskema moet oplewer, sigbaar gemaak kan word in 'n verslag? Dit is op die oomblik moeilik om werklik die resultate uit die skema uit te haal. Alhoewel individuele fasette geëvalueer word, bestaan daar nie 'n meganisme om 'n oorkoepelende beeld van die evaluasie van die teks te kry nie. 'n Moontlike oplossing is om die resultate op een of ander manier grafies voor te stel.
- **Organisasie van die skema.** Die organisasie is logies in die manier waarop die verskillende fasette geanaliseer en geëvalueer word. Daar is egter heelwat oorvleueling van konsepte tussen die verskillende onderdele. Dit bring mee dat daar meer as een keer vir dieselfde verskynsel in die teks gesoek word.
- **Herhaling van vrae in verskillende afdelings.** Dit was nie altyd vir gebruikers van die skema duidelik waarom sommige vrae in verskillende afdelings herhaal word nie (vgl. die vrae oor nominalisering en die passiefkonstruksie in verskillende afdelings)
- **Aspekte van formulering.** Die evalueerders het uitgebreide kommentaar gelewer oor die formulering van die skema, maar hier sal ons nie ingaan op die detail van die kommentaar nie. Dit het wel gelei tot talle verbeterings.
- **Globale oordeel.** Die evalueerders in hierdie eerste voorlopige toetsfase was dit wel eens dat die skema hulle daartoe in staat stel om potensiële probleme in die teksontwerp bloot te lê.

Uiteindelik moet die evalueeringskema gesien word as 'n rat in 'n groter evalueeringsmasjien: Dit dien as 'n vroeë opsporingsmeganisme, maar die resultate daarvan moet bevestig word deur die toepassing van ander (dikwels meer lesergerigte) metodes van tekstoetsing.

Die resultate van hierdie eerste, baie voorlopige beoordeling van die skema sal gebruik word om die aard en omvang van die verdere toetsingsfase te bepaal.

6. Perspektief

Uit ondersoek tot dusver, ook binne die VIGS-projek, blyk duidelik dat teksgerigte metodes van kwaliteitstoetsing noodsaaklik is juis om die gebreke van lesergerigte metodes teen te werk. Dit wil egter nie sê dat hierdie teksgerigte metodes die

allerantwoord op die probleme van evalueerders sal wees nie. Hierdie bydrae wys byvoorbeeld duidelik uit hoe kompleks die ontwikkelingsproses van 'n teksgerigte evalueringsskema kan wees. Dit wys ook uit, al is dit in hierdie stadium nog voorlopig, dat die gebruik van hierdie tipe instrument deur verskillende evalueerders op verskillende vlakke hoogs problematies kan wees. Verdere ondersoek oor die aard en veral ook die toetsing van die effektiwiteit van sulke instrumente is daarom dringend noodsaaklik.

Bibliografie

- De Jong, M. & P.J. Schellens. 1995. *Met het oog op de lezer. Pretestmethoden voor schriftelijk voorlichtingsmateriaal*. Amsterdam: Thesis.
- De Jong, M. & P.J. Schellens. 1998. Focus groups or individual interviews? A comparison of text evaluation approaches. *Technical Communication*, 45(1):77-88.
- De Jong, M. & P.J. Schellens. 2000. Toward a document evaluation methodology: What does research tell us about the validity and reliability of evaluation methods? *IEEE Transactions on Professional Communication*, 43(3):242-260.
- De Stadler, L.G. (s.j.). *Van teksskema tot samehangende teks* (voorlopige manuskrip). Stellenbosch: Taalsentrum.
- De Stadler, L.G. (s.j.). *Koherensieprobleme: die kategorieë* (voorlopige manuskrip). Stellenbosch: Taalsentrum.
- Harris, G., & S. Attour. 2000. Content Analysis of Advertising 1970-1997: A Review and Assessment of Methodologies. In S. Moyne (ed.). *The handbook of International Marketing Communications*. Oxford: Blackwell.
- Hoeken, H. 1998. *Het ontwerp van overtuigende teksten. Wat onderzoek leert over de opzet van effectieve reclame en voorlichting*. Bussum: Coutinho.
- Hoeken, H. (in druk). Anecdotal, statistical, and causal evidence: their perceived and actual persuasiveness. *Argumentation*.
- Hoeken, H., & Van Wijk, C. 1997. De overtuigingskracht van anekdotische en statistische evidentie. In *Taalbeheersing*, 19 (4): 338 – 357.
- Hoeken, H., Starren M., & Jansen C. (s.j.). *Voorstel voor een a.i.o-onderzoek: Argumenttypen: relatieve overtuigingskracht en cultuurafhankelijkheid*. Nijmegen: Katholieke Universiteit Nijmegen, afdeling Bedrijfscommunicatie Letteren.
- Jansen, C. & M. Steehouder. 1989. *Taalverkeersproblemen tussen overheid en burger. Een onderzoek naar verbeteringsmogelijkheden voor voorlichtingsteksten en formulieren*. Den Haag: SdU.

- Lentz, L. & M. de Jong. 1997. The evaluation of text quality: Expert-focused or reader-focused methods compared. *IEEE Transactions on Professional Communication*, 40(3): 224-234.
- Lentz, L. & H. Pander Maat. 1993. *Wat mankeert er aan de tekst? De evaluatie van voorlichtingsteksten over subsidieregelingen*. Amsterdam: Thesis.
- Pander Maat, H. 1991. Tekstanalysesystemen: een oriëntatie vanuit taalbeheersingsperspectief. *Tijdschrift voor Taalbeheersing*, 13: 46-62.
- Perloff, R. 2001. *Persuading People to have Safer Sex. Applications of Social Science to the AIDS Crisis*. London: Lawrence Erlbaum Associates.
- Pettersson, R. 1998. Image functions in information design. *30th Annual Conference of the International Visual Literacy Association*: 1-11.
- Renkema, J. 1996. Over smaak valt goed te twisten. *Tijdschrift voor Taalbeheersing*, 18(4): 324-338.
- Renkema & Wijnstekers. 1997. Doelgroep-onderzoek of bureau-analyse? In: Van den Bergh, H., D. Janssen, N. Bertens & M. Damen (reds.). *Taalgebruik ontrafeld*. Dordrecht: Foris.
- Schellens, P.J., & M. de Jong. 2000. Soorten argumenten in de voorlichting. *Tijdschrift voor Taalbeheersing*, 22 (4): 288 – 308.
- Schellens, P.J. & G. Verhoeven. 1994. Argument en Tegenargument. *Analyse en beoordeling van betogende teksten*. Groningen: Martinus Nijhoff Uitgevers.
- Schriver, K. 1989. Evaluating text quality: the continuum from text-focused to reader-focused methods. *IEEE Transactions on Professional Communication*, 32(4): 237-255.
- Schriver, K. 1997. *Dynamics in Document Design*. New York: John Wiley & Sons.
- Sienot, M. 1997. Pretesting websites: a comparison between the plus-minus method and the think-aloud method for the World Wide Web. *Journal of Business and Technical Communication*, 11: 469-482.
- Steehouder, M. 2000a. Tekstanalyse en communicatiekundig ontwerpen. In: P.J. Schellens, R. Klaassen & S. de Vries (reds.). *Communicatiekundig ontwerpen. Methoden, Perspectieven, Toepassingen*. Assen: Van Gorcum.
- Steehouder, M. 2000b. “Waar ben ik nu eigenlijk mee bezig?” Knoppen, functies en toepassingen in instructies. In: N. Ummelen, R. Neutelings & A. Maes (red.), *Over de grenzen van de taalbeheersing*. Den Haag:Sdu.
- Steehouder, M. & C. Jansen. 1997. *Handleidingenwijzer: Handboek voor effectieve software handleidingen*. Den Haag: SdU.
- Steehouder, M. et al. 1999⁴. *Leren communiceren. Handboek voor mondelinge en schriftelijke communicatie*. Groningen: Wolters-Noordhoff.

- Reader Onderzoek Interculturele Communicatie. Cursus waarden en reclame.* 2001.
Nijmegen: Katholieke Universiteit Nijmegen, Afdeling Bedrijfscommunicatie.
- Van Dyk, A.C. 2001a. *HIV/AIDS Care and Counseling. A multidisciplinary approach.* Cape Town: Pearson Education SA.
- Van Dyk, A.C. 2001b. Traditional African beliefs and customs: Implications for AIDS education and prevention in Africa. *South African Journal of Psychology*, 31(2):60-66.
- Witte, K. 1992a. Putting the fear back into fear appeals: the extended parallel process model. *Communication Monographs*, 59: 329-349.
- Witte, K. 1992b. Preventing AIDS through persuasive communications: A framework for constructing effective, culturally specific, preventive health messages. *International and Intercultural Communication Annual*, 16: 67-86.
- Witte, K. 1994. Generating effective risk messages: how scary should your risk communication be? *Communication Yearbook*, 18: 229-254.
- Witte, K. 1998. Fear as motivator, fear as inhibitor: Using the extended parallel process model to explain fear appeal successes and failures. In: Andersen, P. & L. Guerrero (eds.). *The handbook of communication and emotion: Research, theory, applications and contexts.* San Diego: Academic Press.
- Witte, K. & M. Allen. 1996. When do scare tactics work? A meta-analysis of fear appeals: Implications for effective public health campaigns. *Behavior*, 27:608-632.